


TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- Verhale: W. A. de Klerk.
- Gedigte: André Roux, Izelle Venter, Abraham Fouché, Walewijn, V. van der Westhulzen, P. A. de W. Venter, Edwin de Koek, N. A. Coetzee, Ign. van Vuuren, Pirow Bekker.
- Artikels: P. J. Conradie, André Demedts, A. J. J. Visser.
- Polemiek ● Jongeres
- Oor Boeke



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

Redakteur: ABEL COETZEE

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe,
M. S. B. Kritzinger,
E. Kok,
André Demedts,
W. A. de Klerk,
J. J. Brits,

J. Kronhout,
C. Fensham,
F. A. Venter,
Abr. J. de Vries,
A. J. J. Visser,
André Brink.

Maart 1962

Jaargang 12

Nommer 1

Intekengeld: R2.00 per jaargang, posvry.

- Let wcl:*
- a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Hoëwinde, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.
 - b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

I N H O U D

	<i>Bladsy</i>
KANKERROOS e.a. GEDIGTE, André Roux	1
DIE MINSTE, W. A. de Klerk	2
DIE EERSTE STEEN e.a. GEDIGTE, Izelle Venter	13
BLOEIENDE BETON, Abraham Fouché	19
NOODLOT IN DRAMAS VAN LEIPOLDT, P. J. Conradie	20
DIETS LIED, Walewijn	26
EENHEID EN SAMENWERKING, André Demedts	29
WINDHOEK, STAD VAN VERLANGE, V. van der Westhuizen	36
WATER EN LUG e.a. GEDIGTE, P. A. de W. Venter	38
FLUIT e.a. GEDIGTE, Edwin de Kock	42
LAAT BRIEFIE, N. A. Coetzee	43
SWANESANG e.a. GEDIGTE, Ignatius van Vuuren	44
WINDNAMIDDAG, Pirow Bekker	46
BY DIE JONGERES	48
'N KLUIT IN DIE RIET	56
OOR BOEKE	65
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING	69

MAATSCHAPPIJ DER NEDERLANDSE LETTERKUNDE
(Leiden),

Verteenwoordiger in Suid-Afrika:

Dr. Jan Ploeger, Crottsstraat 946, Rietfontein, Pretoria.

ANDRÉ ROUX:

KANKERROOS

*Verlange is die kankerroos
wat in die hart se voering hak.
Verlange is die bietjie troos
wat op die hart se bodem pak
en sag bly as die hoop verhard
tot druijsteen in die maansiek nag.
Verlange is die leksel smart
wat op die hart se bodem smag.
Verlange is die optelkind
wat snoep bly om die droë speen.
Verlange is die werwelwind
wat kartel in die marmarsteen.*

LIED VAN DIE BOSE

*Ek is God se arm bloedverwant
wat skuilhou aan die maan se skadukant.
As ek, geklee in my verslete beste pak
by donker maan na die aarde sak
word ek God se groot verleentheid.
Ek is die lyding, die eindelose pyn.
Ek is die groot woestyn
gespanne om die klein oase
van die goeie. Sonder my — volmaakte homeostase
en gryse duisternis.
Sonder my word God uiteindelik uitgewis.*

DIE PROFEET

*Saam met die skadu's het die Ding
uit die Vuil Plek gekom
en maat gehou en gesing.
Saul sien hoe hy krom
van die lekkerte koggel as Dawid die siter
se snare lig met sy vingers raak
en psalms en ander gewyde lied're
neurie tot die vaak
uit die kamerhoek kruip.
Toe het Saul sy spies gegryp.*

*„My heer, sien u my vir die Bose aan?”
„Ek sien Bātseba naak agter jou skouer staan!”*

DIE MINSTE

Ek het een van my oom by wie ek groot geword het se persoonlike lêers van meer as dertig jaar tevore — een van 'n ryke nalatenskap van sy werk as stedelike prokureur — oopgeslaan by 'n brief gedateer 28 Februarie 1928.

„Liewe oom Gustav,” het dit gelui. „U sal seker nie 'n brief van my verwag het nie, maar in die posisie waarin ek tans verkeer moet ek aan u skryf.

„Ek wil u vra of u nie miskien — net maar miskien — 'n openinkie as ingeskrewe klerk in u kantoor vir my het nie. Ek verneem nou maar en hoop werklik dat u ernstige aandag aan my navraag sal kan skenk. Dit is al byna Maart en die matriek-eksamen, waarin ek in die eerste klas geslaag het, is alweer amper iets van die verre verlede. Ondanks allerlei pogings om 'n betrekking te vind, het ek nog nie daarin geslaag nie.

Kort nadat die uitslae bekend geword het, is ek na die bank om te hoor of hulle my dalk kan aanstel. Na 'n hele paar weke het hulle my in kennis gestel dat daar tans geen vakante pos beskikbaar is nie. Ek het ook reeds aansoek om 'n staatsdiensbetrekking gedoen, maar die magistraat het my laat weet dat ek nog lank sal moet wag, aangesien daar honderde aansoeke voor myne oorweeg sal moet word. Op Noupoot is daar 'n vriend van my wat reeds agtien maande wag om iets te hoor.

„Die heeldagse niksdoen of oponthoud met peuselwerkies raak nou al amper te veel vir my. Ek wil verskriklik graag 'n pos beklee, waar ek hard kan werk en kan leer. Ek dink maar net tot hoeveel steun ek vir my ouers kan wees as ek dalk reeds oor drie jaar prokureur kan wees. Dit kom soos 'n droom voor. Ai, liewe oom Gustav, kyk tog maar wat u vir my kan doen. Dit sal so veel vir ons algar hier beteken.”

Dit was Maart 1928 — en nog vroeg in een van die moeilikste tydperke wat ons land nog ooit beleef het. Die land, saam met 'n groot deel van die wêreld, was besig om weg te sink in die trog van die Groot Depressie. Maar erger nog: vir die volgende vyf jaar sou 'n droogte, of 'n reeks droogtes, die een kort op die ander, en inderdaad die „ergste in menseheugenis,” Suid-Afrika tot ontsetting maar ook verslae ootmoed bring. Groot dele van die land was reeds tot doodse verlatenheid gekroei.

'n Vroeë aand van kursoriese lees en rondblaaï in die lewens-

getuienis van 'n man wat diep gedeel het in die wel en wee van sy volk, het teen tienuur al verdiep tot volkome oorgawe. Hier in hierdie ingebinde briewe, memoranda, notas haastig opgestel, verslae, was daar 'n sonderlinge beeld van 'n tydperk. In die daaglikse gedrang van 'n uitgebreide stedelike regspraktik was daar min geleentheid vir blote versiering, of enige ander vorm van selfbewuste oortoligheid. Die vereistes van saaklikheid het 'n aangeleentheid tot sy *essentialia* gereduseer. Maar telkens, soos 'n verligte reliëf teen die twee-dimensionele was daar die persoonlike, die menslike. So 'n brief was dié van 28 Februarie 1928, wat ook juis om die soberheid van sy montering gevoelig moes tref.

Die tydvak, soos reeds gesê, was seker een van die veel-eisendste waardeur ons land nog ooit moes gaan. Ek het dit self ook meegemaak — maar my jare was nog teer en my kindergemoed was nog geensins in staat om die omvang en diepte van my land se swaar te begryp nie. Herinnerings is daar wel aan ernstige gesprekke tussen volwassenes oor noodleniging, oor die ‚wurggreep van die droogte‘, oor die bittere dae wat beleef word. Maar vir 'n kind het elke dag uit die aard van die saak genoeg aan sy eie kwaad. En waar dit tuis nog veilig was, het die landstoestand net maar die randjie van die werklikheid geraak.

Toe egter, op daardie aand dertig jaar later, in my studeerkamer op 'n Drakensteinse plaas, met 'n gemoed wat eintlik al lank reeds gesout moes geraak het teen ons aardse weë, het ek die geskiedenis weer lewend voor my sien staan. Veel, ook uit my eie ervaring, wat ek deur die jare nog net maar dofweg saamgedra het, was skielik skerp omlyn. Aan alles was daar nou 'n bittersoet bekooring.

„Beste Japie,” het my oom se antwoord op die brief van 28 Februarie gelui. „U brief ter hand. My boet, in die eerste plek moet ek jou van harte gelukwens met jou welslae in die matriekeksamen. Dit is pragtig.

„Hoe graag sou ek jou nie by my wil inneem nie! Helaas, ons het egter op die oomblik doodeenvoudig geen plek nie. In 'n normale tyd sou mens miskien nog 'n plan kan maak en 'n pos vir jou skep. Maar soos dit vandag gaan, is dit 'n ekstra las wat 'n praktik net nie kan dra nie.

„Tog gaan ek my bes doen om vir jou hier in die stad 'n betrekking te vind, hoe beskeie dit ook al mag wees. Ek kan niks belowe nie; maar as ek dit moontlik nog kan regkry, kan jy jou plek daar vol staan tot tyd en wyl ons jou as leerling-

prokureur by ons kan inskrywe. Inmiddels sal ek jou alle moontlike steun wil verleen."

Dit is moontlik dat my oom in sy mensliewendheid soms by sommiges verwagtings gaande gemaak het, wat inderdaad nooit so bedoel is nie. Wat wel seker is, is die feit dat die meeste mense sy vermoë heeltemal oorskakel het. Of was dit miskien maar net dat talle mense in sy ruimheid die geleentheid tot uitbuiting gesien het? Die strenge vereistes van saaklikheid waarop hy in sy praktyk steeds aangedring het, is maar te dikwels verbygesteek.

Die lêer val oop op 'n brief met datum 8 Junie 1928. Dit is weer eens 'n veraf familielid wat om hulp roep en nou 'n antwoord ontvang.

„Liewe Pieter," lees ek. „Ek het jou verskillende briewe en jou dringende telegram van gister ontvang. Dit spyt my dat ek weens drukke werksaamhede nie vroeër daaraan kon aandag gee nie. Ek stuur vir jou hiermee die £20 waarom jy gevra het, ten einde jou in staat te stel om jou eksamengelde te betaal. (Is dit nie darem bietjie hoog nie? Ek vra maar net.) Terselfdertyd moet jy ook weet dat dit my groot ongerief aandoen. Jy kan geen denkbeeld vorm hoe allerhande mense na my toe kom en om geldelike hulp vra. Waarom hulle nou juis reken dat ek hulle sal kan help, weet ek waarlik nie. Ek het groot verpligtings van my eie wat ek moet nakom, soos jy self moet weet. Nie die geringste daarvan nie is die opvoeding en versorging van my kinders, wat sonder 'n moeder in die lewe staan."

Dikwels word dié wat so geholpe raak, gou weer geknel. En daar is meer as net Pieter — so vertel die lêer my — wat met kort of wye draaie weet hoe om hulle lening te vernuwe — en gewoonlik te vermeerder. Die einste Pieter byvoorbeeld stuur met 'n gebaar van welwillendheid 'n tjek ten bedrae van £1, op rekening by u, wat 'n balans laat van £18 15s. „Jammer dat ek tans nie meer kan bekostig nie, Oom! Dit gaan maar moeilik om alles te betaal. Hoe ook al, teen die einde van die maand sal ek miskien meer kan bekostig. En Juniemaand as ons bonus ontvang, stuur ek wat nog verskuldig mag wees."

Al help dit nie, troos dit darem seker. Want van die mooi voornemens kom selde iets tereg, intendeel. Dikwels het die debiteur dit nog voor ‚die einde van die maand' of ‚Juniemaand' reggekry om 'n hele nuwe mare te vertel — afdoende rede waarom hy nou onmiddellik met nog minstens £100 gehelp moet word.

Ek meen stellig dat my oom te besig was om altoos genoeg aandag aan sy persoonlike sake met vriende en familieleden te skenk. Maar af en toe, so skyn dit, kom hy wel agter dat daar maar net van sy goedheid gebruik gemaak word.

„Liewe Hans,” skryf hy vroeg in 1929 aan nog ’n verlore nefie, wat eens geld kom leen het om homself as onderwyser te laat oplei, „ek het my boeke nagesien en vind dat jy die afgelope twee jaar nog geen enkele betaling op jou lening gedoen het nie. Wat het dan geword van al die mooi beloftes om sodra jy in ’n werkkring is, darem iets van die skuld af te betaal? Ek vrees dis maar net weer die ou, ou storie. Beloftes is goedkoop en word as voldoende geag om ’n verpligting na te kom. Terloops, verskeie rekenings wat jou vrou hier in die stad met jou jongste besoek aangegaan het, is na my gestuur. Waarom? Skryf tog onmiddellik en laat my weet wat jou voorneme is. Ek is meer as gewillig om jou op enige redelike manier tegemoet te kom. Tye word vir ons almal al hoe moeiliker, maar onthou tog maar dat dit nie net jôu raak nie. Ek het my eie swaar laste, wat verminder moet word. Al wat ek in jou soek is ’n eerlike gemoed en ’n bereidwilligheid om jou eie verantwoordelikhede te dra. Laat my weet hoe sake met jou staan.”

So gaan dit — in toenemende mate; want die hoop dat „tye sal verbeter” beskaam wel. Dit versleg algaande. En met die verslegting word die planne om ’n behoorlike lewenstog te vind al hoe wilder. Hans wat net maar by wyse van gebaar af en toe iets van sy bestaande studieskuld afbetaal, kom met ’n nuwe plan om ’n kursus in die opvoedkunde aan ’n Nederlandse universiteit te gaan loop. Daarvoor het hy „onmiddellik £300 nodig.” As hy die kursus voltooi het, staan sy pad glo oop. Daar is alreeds ’n prinsipaalskap aan hom beloof. Sal oom Gustav dan maar nie weer help nie? Elke oulap sal met agt persent rente daarby terugbetaal word.

Wel, dit geskied blykbaar tog ook weer — minstens gedeeltelik: Daar word maar weer gehelp. Maar dit blyk ook genoegsaam uit latere korrespondensie dat daar ook hierdie keer nog geen die minste verandering in die patroon gekom het nie. Geen buitelandse studie word onderneem nie. En van die nuwe lening bly die grootste gedeelte nog jare en wag op delging.

’n Nuwe lêer dek die vroeë dertigerjare. Oral is die getuienis van die benarde toestand waarin mense verkeer, van die angsvallige pogings om los te kom van die magte wat so ontsettend neerdrakkend werk.

„Waarde Koos,” skryf my oom teen die einde van 1931 aan 'n swaer, eens 'n gevestigde Karooboer. „Onder die nuwe Boere-Bystandswet is dit vir jou nou moontlik om geholpe te raak. Ek reken dat jy dadelik maar om daardie hulp aansoek moet doen. Jou bewysie ten bedrae van £200 is, soos jy weet, reeds vyf jaar oud. Daar is nog nooit rente op betaal, of enige ander betaling in verband daarmee gedoen nie. Ek weet hoe julle mense dit die jare daar waar julle staan moes ontgeld. Maar nou is die geleentheid daar om regeringsteun te verkry. Ek is meer as gewillig om jou op elke moontlike manier nog tegemoet te kom. Maar jy moet werklik nou 'n poging aanwend om selfs met maar 'n ietsie elke maand af te betaal. My eie posisie is maar baie ongemaklik.”

Verdere korrespondensie bewys dat ook dit 'n ydele hoop is. Die som van £25 word uiteindelik verhaal. En daarmee is hierdie saak ook afgehandel.

Einde 1931, wanneer die landsake 'n laagtepunt nader, is dit ook nie meer altyd moontlik om 'n vriendelike toon te handhaaf nie. Te midde van 'n volgehoue stroom smeekbedes om hulp, kom die ontdekking, soos al herhaaldelik tevore, dat papier geduldig is; dat as die onmiddellike nood eers afgeweer is, die mooi voornemens ook verflou. Dit skyn gewis asof die heersende lewensopvatting by vele dié van elke man vir homself geword het.

Pieter, van weleer, duik wéér in die korrespondensie op. „Dit is vir my baie onaangenaam om weer aan jou te skrywe,” lui my oom se strenge vermaning aan sy adres, hier teen die uitgaan van die jaar. „Ek moet jou daarop wys dat daar nog steeds die som van £7 in ons firma se boeke teen jou gedebiteer staan. Daarby kom nog £5 14s. rente,

„Dit is vir my baie onaangenaam dat hierdie rekening gedurig voor my vennoot moet kom en dat 'n familielid van my die afgelope vyf jaar geen poging aangewend het om so 'n eenvoudige verpligting na te kom nie. Wat ek veral ergerlik vind, is dat daar nie woord gehou word nie. En by hoe vele is dit nie die geval nie! In hierdie tyd wanneer almal wurg om kop bo water te hou, is dit trekkers van vaste en goeie salarisse — soos jyself — wat betreklik goed daaraan toe behoort te wees. En tog doen jy geen poging om jou skuld te verminder nie, steur jy jou ook blykbaar nie aan ons kennisgewings in dié verband nie. Ek het al teen my sin tot die gevolgtrekking gekom dat erkentlikheid en eerlikheid wat ons moderne geslag betref verlore deugde is. Op wie kan 'n mens jou meer verlaat? Dis

erg genoeg as dit met buitestaanders moet gebeur; maar wanneer jou eie familie blykbaar ook in die gangbare raap-en-skraap sinisme verval het, raak dit diep neerdrakkend.

„Ek het jou nog altyd geken as 'n man van sterk persoonlikheid en karakter. Op grond daarvan het jy tog per slot van rekening jou huidige aanstelling gekry. Maar moet ek nou aanneem dat almal maar alle beginsels van primêre belang maar oorboord gegooi het? Miskien meen jy dat ek maar jou skuld aan die firma moet betaal? Ek is egter vasbeslote om dit nie te doen nie, aangesien dit m.i. net sedelik bederwend sal wees. Jy moet self weer diep gaan nadink oor alles en in alle eerlikheid oor jou toekomstige optrede besluit. Ek moet jou egter waarsku dat ekself nie langer bereid is om die vernedering hiervan voor my eie personele te duld nie.”

'n Paar maande later is dit weer ou vriende wat teen wil en dank in min of meer dieselfde trant aangespreek moet word. Die een na die ander skryf lang en noukeurige opgestelde briewe om te verduidelik waarom hulle nie hierdie of daardie belofte kan nakom nie.

„Met verwysing na die £10 wat jy 'n jaar gelede by my geleen het,” skryf my oom aan 'n ou maat wat eens nog sy strooijonker was, „sal ek dit waardeer as jy dit kan kom vereffen. Jy sal onthou, vriend Jan, dat jy dié dag, 'n bedraggie kom leen het om net jou jaargeld by die Klub te gaan betaal.' Jy sou dit die volgende dag of volgende week weer kom vereffen. Jy was maar net vir die oomblik in die verleentheid omdat jy jou tjekboek by die huis sou vergeet het.”

„Laat my tog maar, juis ter wille van ou vriendskap, die geld kry, Jan. Ek het eerlik, soos alle andere, elke oulap nodig. Ek het self skuld wat betaal moet word.”

Dit gaan so voort — met vriende, met familie, met kennisse. Soms is daar telegramme wat juis in hulle saaklikheid véél suggereer.

„Dankbaar vir hulp in die verlede ou maat help my net om hier weg te kom enige plek kan jy my vyf pond telegrafeer dringend duisend maal dankie by voorbaat.”

En dan weer: „Dokters beveel aan ernstige operasie kan jy ou vriend terug na die lewe help ewig dankbaar.”

Ek maak die lêer toe, leun terug in my stoel, voel die nagtelike stilte om my sluit. Hoe edel, meen ek, is die menslike voornemens nie in sy oomblikke van nood nie.

Later, terwyl ek koffie uit 'n warmfles skink, tref dit my: Is dit inderdaad waar wat baie mense meen dat 'n land in 'n

tyd van groot ekonomiese nood makliker terugkeer na basiese geesteswaardes?

Die ding hinder my en ek sit 'n lang ruk daaroor en peins. Het ek dan nie reeds die afgelope drie uur die oorfloedige getuienis gelees van 'elke man se gouigheid', van die geringe waarde wat daar aan plegtige beloftes geheg word, van die naartogte plannemakery om net maar die nodige materiële middele in die hande te kry? Van doodgewone oneerlikheid? Is die toon van baie van die briewe dan nie oorwegend 'n oponthoud met die bloot materiële dinge van die lewe nie?

Ek slaan nog 'n lêer oop. Hier is 'n brief van 28 April 1932.

„Ons voer tans, soos so vele andere, 'n moeilike stryd,” skryf my oom aan 'n gewaardeerde binnelandse korrespondent. „Daar was 'n tyd toe ek minder tevrede was as ons firma oor 'n netto profyt van minder as £200 per maand beskik. Nou is ons net maar dankbaar as ons enige profyt hoegenaamd toon. Die land is dood en die plaaslike werk het amper tot stilstand gekom. Goddank dat ons die bank niks skuld nie. Verliese? Ja, ons vrees daagliks dat daar nóg sal kom. Net maar onlangs moes ons £350 afskryf — verskuldig aan ons deur 'n plattelandse prokureur. Ons het ons reeds klaargemaak om veel meer te verloor. En tog, ek is hoopvol. Ons kan net maar ons bes doen en die toekoms in die geloof tegemoet gaan.

„Ek was baie geïnteresseerd in 'n boek wat ek onlangs gelees het. Dit is *The Story of San Michele*, deur dr. Munthe. Om die boek te lees is om jou weer, ondanks alles wat die afgelope jare gebeur het, geloof in jou medemens te gee. Munthe was 'n merkwaardige man wat as lewensbeginsel veral die begrip van diens geken het. Geld en goed het min uiteindelijke betekenis vir hom gehad. Hy het veral die vermoë gehad om die liefde vir sy medemens tot werklikheid te maak. Maar ook diere het in daardie liefde gedeel.

„Ek noem hierdie boek omdat ek toenemend begin glo dat mens in ontwrigte tye soos dié wat ons tans beleef, by sulke groot geeste inspirasie moet gaan soek. Hoe sal ons anders bly staan in die felle stryd om die besit van 'wat ons sal eet of wat ons sal aantrek'? Die woorde van Hindenburg, die groot Duitse kanselier, wat hy in 1926 tydens 'n toespraak te Weimar gebruik het, kom my in hierdie dae steeds weer in die sin: „In hierdie donkere en bedrukte tye wat 'n harde noodlot oor ons beskik het, besef baie van ons meer as ooit tevore welke groot skat ons in ons geestelike en kulturele erfenis besit. Daaruit is veel krag, vel troos en vertroue te put. Alleen deur ten volle

gebruik hiervan te maak, kan ons as 'n volk terug na voorspoed en gesondheid gelei word. Boweal moet ons streef om die heilige vuur van ideale onder ons volk lewendig te hou. Doen ons dit nie, verloor ons die kosbaarste deel van ons nasionale bestaan."

„Dit is groot woorde hierdie, lieue vriend. En ek voel in toenemende mate hoe dit by ons ook van toepassing is, veral waar ons as Afrikanervolk spook om 'n eie en waardige kultuurbesit. Die Bybel het dit by herhaling gesê: maak vir jou liever dié skatte bymekaar wat mot en roes nie verteer nie. Dit is al wat uiteindelik saak maak."

Ek kyk op en soek met die oë die skemerige hoekies van die vertrek; die rakke vol boeke oorkant my; die skilderye en foto's teen die mure.

Ek herinner my meteens aan 'n ander skrywe van ongeveer dieselfde tyd, 'n brief aan 'n swaar geteisterde boer in die Bo-Karoo. Jare was hy nie in staat om sy rente te betaal nie. In 'n uitvoerige berig oor die haglike toestande in die noordweste was dit meer as duidelik dat hy baie na aan algehele moedeloosheid was.

„Dit is inderdaad treurige nuus wat u in u brief van 18 deser meedeel," het my oom se reaksie hierop gelui. „My hele hart gaan tot u uit. Wat sou dit dan wees dat die ongekende droogte so knaend voortduur? Kon u nie al met u vee getrek het nie? U moet tog maar ondanks alles moed hou. Dit sal wel weer reent. So kan dit nie vir ewig bly nie. En die regering sal weer help. Ek wil u hartgrondig graag weer help, maar ek kry self bitter swaar. Daar is ongeveer geen inkomste nie. Sake is dood.

„Maar wees getroos. Daar is duisende in ons land wat nie eens 'n dak oor hulle kop het nie. Bly op jou plaas. Ons mense se gehegtheid aan hulle grond mag vandag lyk na die oorsaak van baie van ons volk se ellende. Maar dit was onteenseglik ook ons krag deur jare wat nog bitterder was as dié. Hou net moed. Daar moet en sal 'n verandering kom.

„Ek pos vir jou Maandag 'n pak klere. Dis alreeds gedra, maar ek glo dat dit vir jou van waarde sal wees. Verder het ek gereël dat jy na die dorp kan gaan en daar by die firma Vermeulen en Kie. 'n sak boermeel, 10 pond koffie, 2 pond tee en 'n sak suiker kan gaan haal. Ek het vandag aan prokureur Marais geskrywe om te sorg dat die goedere aan jou gelever word. Ek sal die rekening betaal."

Oorkant teen die muur is daar 'n foto wat ek jare gelede

op 'n tog deur die Noordweste geneem het. Dit toon 'n enkele, eensame figuur teen 'n oneindigheid van lug, rant en vlakke. Daar was vir my altyd iets ontroerends hieraan. Die perke-loosheid, die grootsheid, die ruheid, die leegheid wat tog ook die belofte van opstanding, van vernuwing inhou — dit is Suid-Afrika, het ek al menigmaal gedink.

Daar is nog één brief wat ek weer wil lees — al het die na-nag reeds gekom.

Dis iets wat meteens in nuwe perspektief in my gemoed kom staan het. Te meer omdat die skryfster enkele dae gelede na meer as dertig jaar heeltemal onverwags hier by ons op-gedaag het.

„Klein Maaster,” het sy gesê toe sy eindelijk na veel moeite van die stasie hier aangekom het. „Ek het dan nou so gedink: voor ek darem hierdie ou wêreld verlaat, wil ek darem nog net één slag by Ou Maaster se mense kom — Ou Maaster wat dan al die jare so goed vir my was, juis ook die slag toe ek al weg by Ou Maaster-hulle was en dit so swaar met my gegaan het.”

Meer as 'n kwarteeu het verloop sedert hierdie bruinmens so 'n belangrike rol in ons moederlose huis gespeel het. As kok en huishoudster was haar gelyke nie maklik te vinde, selfs onder blankes nie.

„Toe gaan ek mos trou, Klein Maaster,” het sy met 'n self-meewarige glimlaggie herinner. „En Ou Maaster het tog so aangehou ek moet maar wêér dink voor ek so sou maak. Maar Klein Maaster weet mos hoe gaan dit met 'n mens. Jy kan mos nou nie alles wil vooruitsien nie. Jy handel ook maar in die geloof.”

Dit was nie nodig om meer by te voeg nie. Die huwelik was geen sukses nie. Sy het swaar dae geken.

„Ek het darem uitgehou, Klein Maaster,” het sy stilweg verklaar. „En my kinders het ek darem goed groot gekry. Dit was ook in die tyd dat Ou Maaster so gehelp het. Klein Maaster weet mos dat ek 'n paar keer aan hom geskryf het om hom te vra om my asseblief tog maar te steun. En dit het hy altyd ook gedoen.

„Al die jare het ek so baie oor Ou Maaster en julle algar gedink. Partykeers hoor ek iets; of dan lees ek iets in die koerante wat hulle skryf. En dan sê ek maar net daar waar ek is: Dis my mense dié. Eendag wil ek wêér by hulle uitkom. Hulle is my mense, ja! En Ou Maaster het my mos gered toe my nood groot was — al het ek van hom weggegaan.”

Sy het 'n rukkie nog gekuier. Sy het tee gedrink en gesels en weer tee gedrink. En eindelik toe dit tyd was om haar terug na haar trein te neem, was daar 'n geskenk van my vrou. „Baie dankie, Miesies,” het sy met trane in die oë vir oulaas verseker. „Nou weet ek ook nie hoe ek alles moet sê, wat in die hart gekom het nie.”

Sy het haar kop laat sak, toe verseker: „Die Here is waarlik goed vir 'n mens — deur al jou swaar ook. Klein Maaster moet vir Ou Maaster ook sê ek het gekom — as ek nie nog self by Ou Maaster-hulle kan uitkom nie. Ek is ook al oud!”

Hier is dit voor my. Die datum is 11 Augustus 1932.

„Liewe Maaster,” lui dit. „Wees toch as uw blief zoo goed en help mij noch ver die laaste keer net met ses shilling Maaster ek het geen herberg nu en ik nou op mij laaste ik moet ver middag half drie naar die Home gan zoo's Maaster weet en ik kom kort met ses shillings Maaster ik weet Maaster zal mij als uw blief toch nie ver stoot ik zal alles weer in betaald zoo gou als ik weer gezond is Maaster ik is vreeslik ongelukkig ik het nu meer eerst een kamer nu nou mij enigste hoop is op mij Maaster ik kan nu zelf kom nu ik stuur die brief met die man van mij help mij toch als uw blief Maaster want dit zal nooit vergete word nie. Ik blijf uw troue bediende, Anna Lamberts.”

'n Horlosie slaan eenuur. Ek kyk weer op, soos meermale hierdie aand. Die skemerige stilte lê weer om my. Net 'n paar krieke gesels nog buite.

'n Rukkie later staan ek voor die oop venster en sien hoe Orion deur die noordelike naghemel agter die Pleiades aan skry.

„So dan,” besluit ek weldra. „die vraag wat jy flus aan jouself gestel het, was of tye van ekonomiese nood makliker 'n herlewing in geesteswaardes meebring. Die vraag het hom self nou beantwoord!”

Ek onthou tog immers nou hoe my oom my eens van Anna Lamberts vertel het; hoe hy haar aansienlik meer as die ses sjielings gestuur het waarom sy so dringend gevra het. Die skuld het sy 'n maand of wat later kom terugbetaal. En toe is dit aan haar geskenk.

Die som op alles?

Seker maar net dat 'n wyse besef van basiese geesteswaardes nie die verdienste van enige besondere tyd van voorspoed of teëspoed is nie. Die materialisme van voorspoed is uiteraard selfgenoegsaam, militant, onoortreflik optimisties. Die materialisme van depressie is 'n soort angsvallige gryp-wat-jy-kan en hou-wat-jy-het, die selfsug van tobbede introversie. Dis twee

maniere van behep wees met die dinge van dié wêreld, 'n bysiendheid na buite, maar ook na binne.

En, soos my oom in sy brief aan sy prokureursvriend op die platteland by wyse van implikasie geskryf het: elke geslag moet weer opnuut die grondwaarhede van ons menslike bestaan ontdek.

Die vreemde bly altoos dat dit maar te dikwels die armes van gees soos Anna Lamberts is wat hulle die maklikste weer vind — of nooit eens afgee nie. Want hulle ken die liefde.

Maar 'n Hoër Gesag het ons mos ook ondubbelsinnig verseker dat die laastes eerste sal wees en die eerstes laaste — in die Koninkryk van die Hemele.

IZELLE VENTER:

DIE EERSTE STEEN

*"'n Hoer — 'n slet — gevang in owerspel,"
het hul met wrede, vroom gesigte Hom vertel,
waar Hy daar in die tempel was.
'n Slegte vrou; die Wet van Moses gee bevel
sy moet gestenig word!"*

*Hul oë was uitdagend-strak op Hom,
terwyl hul almal vorsend naderstu;
en een, 'n Fariseër wat Hom wou tart,
het oog aan oog met Hom gekom
en uitgelig: "Toe, Meester, wat sê U?"*

*En ek het daar gestaan: verward,
beskaamd, maar deur hul oordeel tot verset verhard.
Ek wou Hom vas en reguit in die oë staar,
en met 'n spotlag luister na Sy kommentaar.
Hoe hard is hulle, mans, teenoor 'n vrou,
wat hul as middel tot vermaak beskou:
wat luste les, hul drange voed
en daarvoor met haar eer kan boet!
Hy sou, soos hulle, kras en skerp,
praat van "die hel" en "in die vuurpoel werp".*

*Toe 't ek gemerk: die skyf van hulle haat
was Hy, nie ek, wat sleg en reeds verworpe was;
hul kon gebruik maak van my kwaad
om Hom te toets, Hom te laat praat —
Hom listig uit te lok tot selfverraad.
Soos bieders op die markplein het hul uitgeskree:
"Antwoord dan, Meester: sê!"
"Ons wil 'n antwoord hê!"
"Die Meester moet die antwoord gee!"*

*Maar Hy het neergebuk en op die grond geskryf,
asof hy doof was vir hulle skel gekyf.
Hul wou die skrif ontsyfer, kyk of hul kon lees
wat dan die oplossing kon wees.*

*Die skrif was minder leesbaar as aan Babels muur
die skrif wat God die koning as 'n oordeel stuur;
dit was geen vlammeskrif teen die asuur
en ligter selfs as woorde in die sand;
tog onuitwisbaar, want geskrywe deur die Hand
van Hom wat Liefde en Vergewing is.*

Die skrif het oor my lot beslis.

*Beangs het ek voorgeleun om te ontleed
wat Hy aan't skrywe was, om maar te weet
hoe groot en swaar my oordeel is.
Ek het gedink aan dag en nag
se hartstogfees;
en vir die eerste keer het ek gesmag
na eensaamheid, dat daar geen man moet wees
wat in sy grenselose hartstog onbedag
my liggaam neem, my gees verkrag.*

O, om net weer réin te wees!

*Toe het Hy opgestaan.
Ek het my palms oor my oë geslaan
en strak gewag.*

*Sy stem was sag:
"Die een wat sonder sonde is,
kom, gooi die eerste klip na haar."
Hul skril jou het plotseling bedaar,
en Hy het weer geskryf.*

*Geen hand het op my styfgespanne lyf
gesak om my te gryp en weg te sleur;
voordat ek wis wat sou gebeur
het een vir een stil weggegaan
en my alleen by Hom laat staan.
"Het hul jou nie beskuldig nie?
Het niemand jou veroordeel nie?"
het Hy gevra; toe groei my vrees.
My keel was dik, my woorde hees:
"Hul't weggegaan, ondanks beskuldiging."*

*Hy't met Sy helder oë my gesig ge lees
en vir die eerste keer kon ek my sonde sien
in volle aakligheid: 'n liederlike ding.
Toe was ek tot my straf bereid,
bereid om op Sy Woord te wag:
gebroke, vol berou en desperaat.
En toe ek dag dat hierdie Man nie weer sou praat
het Hy my stil gelas om weg te gaan,
nie verder meer te sondig nie,
want . . . Hy veroordeel my ook nie.*

*Ek het geduisel, nie verstaan.
Toe, sonder dankende gebaar of woord,
met liggaam wat nou net aan my en Hom behoort,
het ek die nuwe weg met vreugde ingeslaan.*

SIEKBED

*Die hele lewe is nou ingekort tot bed,
'n boekrak, en die tafel, waarop die radio belet
dat ek die deur kan sien wat uitlei tot die lewe;
'n klerekas, twee vase blomme, horlosie en 'n glas.
Maar buite, weet ek, is die skerp kontras:
'n afgeleefde winter en die duidelike strewe
van die lente om haar te bevestig
in blom en boom, in lug en in die lig
op elke jong gesig.*

*Net in my hart is daar geen wenteling:
dit bly maar winter, want hier is geen kring
waar jaargety na jaargety reëlmatig ry en sterf
en elke jaar opnuut dieselfde skema erf.*

*Ek sal hier opstaan en maar weer gewoon
my plig vervul; en dag na dag sal ek verloën
dat in my hart 'n honger en 'n leegte is
wat erger as my afgelope siekte is.*

AUGUSTUS

*Dis of die dun, deursigtig vensterruit
geen skerm is teen die wind;
of dit ook binnenshuis nog ongestuit
steeds om my waai,
geen rus kan vind,
net aldeur draai, en draai.*

*"U het voorheen die storm gestil
U kan ook nou, Heer — as U wil."*

PLATE-AAND

*Die tafel staan met teegerai oordek;
daar's rustige musiek, vier mense saam;
'n kaggelvuur, waarvan die vlamme hittegewend lek;
'n Trechikoff, met trap en orgidee; pronkertjies op die swart
klavier
gevaas, en teen die ander muur die "Laggend Kav'lier"
vrolik-blymoedig in sy ligte raam.*

MOSES

*Vanhier kan hy die land oorskou
waarheen sy volk weldra sal trek;
en in hom skrynend die berou:
Ag, wee my toorn, so gou verwek;*

*Net sien, en self nie binnegaan,
ná die ontbering en die swerf?
Hoe duur die prys van eiewaan;
hoe eensaam hierdie stille sterf.*

*Met sorg en teerheid lê God hom,
waar nimmer ooit 'n mens sal kom.*

HOOP

*Miskien, na baie jare, sal dié dag
verbleek en inkrimp tot 'n datum op die almanak:
ek sal versoen wees, nie meer hoop en wag;
miskien sal uit-die-pyn-gegroeide krag
die plek vervul van hierdie steeds-maar-smag,
en vreugde uit mismoedigheid vertak.*

OGGEND

*'n Mens stap in die skemer weg
terwyl die dag nog soos 'n vae droom
daar is, maar nog geen werklikheidsgestalte het.
Die lugruim is die skaal, wat aan die westekant
die maan, en oos die son as laste het.
Jou eerste baken is die bruingeroeste heg,
jou doelwit die mimosaboom.*

*En as jy daar van bo af uitkyk oor die veld,
sien hoe die teer-groen lentegras plek-plek versmelt
met na-geblewe wintergeel, en hoe die son
die maan weer van sy nageleende lig dreineer,
besef jy: hierdie stilte is die bron
van skoonheid, wat jou terug laat keer
om weer met moed die stadsgewoel te kan trotseer.*

WEERHOUDING

*In my het, wat jy eis, nog nie gevorm:
Die liefde:
taai, sterk en gehard
teen die seisoene van die hart:
die lente van eerste ontwaking en die somerstorm,
die herfsverdorrings van gewooneid
en die kleure-armoed van die wintertyd.*

*Dus weier ek my eie skamel kamma-liefde:
die tenger broeikasblom, wat selfs geen luggie tart,
wat ons moet troetel, totdat dit verward —
omdat dit self geen groeikrag kan verwerf —
aan oorversorging sterf.
Dié misgewas weerhou ek trots: gewis,
ek mag nie gee wat aan volkomeid iets mis.*

VERLOWING

*In jou het God aan my
verhoring van gebed gegee;
toddát vervulling kom is dié blink pand
die uiterlike teken van die band
wat nou reeds na die gees bestaan.
En ons, wat elk sy eie kronkelpad moes gaan
van smagting, hoop en weifeling,
weet dat vir wanhoop en vertwyfeling
hierna nóg tyd, nóg ruimte meer sal wees,
omdat ons — pelgrims, hand aan hand —
op aarde reeds die pad inslaan
wat na die Ewigheid sal lei.*

BLOEIENDE BETON

*Wanneer ek elf verdiepings hoog
die son sien ondergaan
en onderdeur die oorloopboog
'n wielrond kerriemaan*

*Is ek weer Plato's wolkeboom
wat voedsel in die grond moet vind,
met snareloof oor stad gespan
bolero in die wind.*

*Soos druppels in Groot Brakrivier
sien ek die motorwiele rol:
Dan huppel my hart soos op hul dak
'n late sonligkol.*

*Mensmenigtes soos miere om
in Eloffstraat krioel:
Sorgsaam dat dan die donker sy
komberse om my woel.*

*Nog later na my kamer op,
Oho! dit moet ek noem;
dan dat my mond en hart 'n lied
saam met die hyser soem*

*Soos kwatriljoene lampeglans
of wanneer hand-in-hand
groen sterre cuad' flamenco dans
oor wolkekrabbers, want*

*Aan vreugdetorings van beton deur kromium omblink.
het ek soos aan die son en maan
ook moedermelk gedrink!*

DIE NOODLOT IN DIE DRAMAS VAN LEIPOLDT — 'N VERDERE POGING

Daar is nog steeds 'n opvatting wat baie wyd verbreid is, dat die antieke Griekse tragedie by uitstek 'n „noodlotstragedie” was. Daar word nie altyd duidelik omskryf wat hieronder verstaan word nie maar gewoonlik word daardeur bedoel dat die mens in die Griekse tragedie heeltemal gebonde is aan hoër magte, geen vryheid van optrede het nie en dus ook geen verantwoordelikheid vir sy eie dade dra nie. Hy is alleen maar 'n speelbal van die noodlot. Hierdie opvatting word goed gestel deur prof. F. E. J. Malherbe: „Teen alle selfgewilde aksie in word die held tot verderflik-tragiese daad gedoem, en blinde onderworpenheid of vernietiging lui die stene wet . . . Hier is daadwerklike ingryping van bowe deur 'n onontvugbare, onvermurwbare en tragiese verskriklike Moira wat by die diepe ontroering en deernis tog enigszins stotend is vir ons moderne gevoel.”¹

Hierdie standpunt impliseer dat ons in die moderne letterkunde geen noodlotsbesef kry nie. Maar dit is my oortuiging dat ons so 'n besef by die meeste volke vind, en verder nog dat dit 'n element is wat ons in die meeste groot tragedies aantref. Dan moet ons ons egter nie blind staar op die spesifiek Griekse begrip van die Moira nie, maar die term „noodlot” ruimer interpreteer. Ek wil dus beweer dat daar by die meeste volke die besef bestaan dat die mens nie volkome vry is om sy eie lot te bepaal nie en dat daar magte buite sy beheer is wat die loop van gebeurtenisse anders kan stuur as wat die mens begeer. Hoe hierdie mag of magte genoem word en hoe hulle gesien word, verskil natuurlik van tyd tot tyd. Vir die Grieke was dit die oppermagtige gode en 'n duistere Moira; die Romeine het dit Fatum genoem; vir die Christendom is dit 'n Voorsienigheid wat alles ten beste beskik, al verstaan die mens dit nie altyd nie; vir die moderne kunstenaar is dit dikwels die magte van oorerflikheid of die invloed van die omgewing.

Teen die blote feit dat die dramaturg die bestaan van so 'n hoër mag aanvaar, kan dus geen beswaar gemaak word nie. Die belangrikste in hierdie verband is egter die houding wat die held in die drama teenoor hierdie mag inneem. As hy willoos berus in wat die noodlot beskik en hom eenvoudig deur

¹ *Humor* (Amsterdam, 1932), p.139-140.

die loop van gebeurtenisse laat meevoer — dan sou ons hom tereg as „speelbal van die noodlot” kan bestempel. Maar in die Griekse tragedie is dit beslis nie die geval nie. Die held wil juis nie berus nie, hy verset hom teen sy eie lot en, al moet hy uiteindelik ondergaan, is sy ondergang groots en bring hy ons juis daardeur onder die indruk van die grootheid van die mens.

Maar ek wil in hierdie artikel nie oor die Griekse tragedie uitwei nie. Soos ek hierbo gesê het, is dit my oortuiging dat ons een of ander vorm van noodlotsbesef in die meeste groot tragedies aantref. Daarom reken ek dat dit 'n interessante studie sou wees om na te gaan hoe hierdie besef in verskillende dramas tot uiting kom. Dit was dus vir my besonder interessant dat B. le Roux 'n tyd gelede in hierdie tydskrif hom dit ten doel gestel het om hierdie motief in Leipoldt se dramas na te gaan.² Maar ongelukkig het hy homself nie duidelik rekenskap gegee van wat hy onder Fatum (of Noodlot) verstaan en waarin hy die werking van die Fatum sien nie, en daardeur is daar 'n sekere duisterheid en tweeslagtigheid in sy artikel. 'n Paar keer stel hy die Fatum gelyk aan „die verlede waaraan die hoofkarakters hulle nooit kan ontworstel nie.” Maar die verlede op sigself kan tog nie as noodlot beskou word nie; 'n mens kan eerder sê dat dit 'n bepaalde mag is wat sorg dat die karakters nie hul verlede ontvlug nie. Sonder om enigsins daarop aanspraak te maak dat ek die finale woord oor hierdie moeilike probleem kan spreek, wil ek tog 'n poging aanwend om groter helderheid te verkry.

Ek het alreeds aangedui dat ek onder die begrip noodlot verstaan „magte buite die beheer van die mens, wat die loop van gebeurtenisse anders kan stuur as wat die mens begeer”. Nou moet 'n mens jou verder duidelik rekenskap gee van hoe jy die werking van die noodlot sien m.a.w. jy moet vasstel in watter gebeurtenisse die invloed van die noodlot volgens jou mening sigbaar is.

Die ingryping van die noodlot kan allereers daar gesien word waar 'n ongeluk oor die mens kom sonder dat hy enige aandeel daaraan gehad het en sonder dat hy dit kon voorsien of verhoed het. Dit is dus nie iets wat op natuurlike wyse uit 'n vorige gebeurtenis voortspruit nie, maar iets wat teen die natuurlike loop van gebeurtenisse as 't ware van buite oor hom kom. Ons noem dit dikwels die toeval. As voorbeeld kan 'n mens noem natuurrampe of skielike siektes.

'n Mens sou kon beweer dat die werking van die noodlot baie

² *Die Fatummotief in Leipoldt se Dramas: Tydskrif vir Letterkunde, Junie 1960* p. 64-8.

duidelik in sulke gebeurtenisse gesien kan word. Maar die dramaturg moet baie versigtig wees in sy gebruik daarvan. Hy stel hom maklik bloot aan die beskuldiging dat hy die toeval bloot gebruik om die drama op 'n maklike wyse die gewenste afloop te gee. Die karakters word dan blote mario-nette in sy hand. Die gebruik van die toeval is alleen te regverdig as dit sinvol gemaak word m.a.w. as 'n mens voel dat die ingryping van die toeval nie bloot willekeurig was nie maar dat daar 'n hoër doel daar agter was. Alreeds Aristoteles spreek hierdie opinie uit en gee die interessante voorbeeld van die standbeeld van 'n vermoorde man wat op sy moordenaar geval en hom gedood het.³ Soos hy tereg sê, skep sulke gebeurtenisse die indruk dat hulle nie bloot toevallig gebeur het nie. 'n Baie goeie voorbeeld is ook die slottoneel van *Hamlet* waar die omruiling van die swaarde en die feit dat Hamlet se moeder uit die gifbeker drink wat vir haar seun bedoel is, in werklikheid bloot toevallig is, maar ons tog bevredig omdat ons 'n hoër doel daarin sien.

As 'n mens egter die saak noukeurig beskou, sal jy vind dat gevalle waar 'n ongeluk deur suiwer toeval oor 'n karakter kom, in goeie dramas taamlik skaars is. Die rede hiervoor is dat daar eintlik nie so baie ongelukke oor die mens kom waarin hy hoegenaamd geen aandeel gehad het nie, waartoe hy nie ten minste die aanleiding gegee het nie. Laat ons 'n moderne voorbeeld neem. As 'n man met sy motor 'n ongeluk maak omdat hy vaak geword en nie genoegsaam gekonsentreer het nie, sê ons dat hy ongelukkig was omdat daar juis op daardie moment 'n hindernis in die pad was, maar aan die ander kant kan ons nie ontken dat hy verantwoordelikheid vir die ongeluk dra nie.

Dit is dus in 'n kombinasie van karakter en omstandigheid dat ons ook die werking van die noodlot kan sien. Daar is min karakters wat op sigself tragies is m.a.w. wat onder enige omstandighede sal ondergaan. Daar is egter baie karakters wat onder ander omstandighede 'n gelukkige en voorspoedige lewe sou gehad het maar wat, gesien hul karaktereenskappe, onder die bepaalde omstandighede waarin hulle geplaas is, nie anders kan reageer as op 'n wyse wat tot hul ondergang voer nie. Aan die een kant is die karakters volkome verantwoordelik vir hul eie optrede maar aan die ander kant is dit tog nie hulle skuld dat juis *hulle* in daardie situasie geplaas is nie. Dit is hieruit wat 'n mens die indruk kan kry dat daar 'n mag werksaam is waaroor die mens geen beheer het nie.

³ *Ars Poetica* 1452 a.

In hierdie verband moet veral daarop gewys word dat die siening van die noodlot in 'n baie groot mate 'n kwessie is van die interpretasie van gebeurtenisse. Dit is baie moontlik dat, as 'n mens 'n bepaalde reeks gebeurtenisse nugter en wetenskaplik beskou, jy geen bonatuurlike invloed daarin sal vind nie maar alleen die natuurlike opeenvolging van oorsaak en gevolg. En tog kan die mens, en veral die digter, dikwels nie loskom van die idee dat 'n bepaalde reeks gebeurtenisse onvermydelik, ja selfs voorbeskik was nie, dat dit glad nie anders kon afgeloop het as wat dit afgeloop het nie. Ek reken dat hierdie indruk van die onvermydelikheid van die gebeure 'n baie belangrike, selfs essensiële element van die tragiese is. En hiervandaan gaan die mens nog verder en skryf die onafwendbaarheid van die gebeurtenisse toe aan die werking van 'n hoër mag wat, soos ek reeds gesê het, op verskillende maniere gesien kan word as gode, Voorsienigheid of erflikheid.

Laat ons nou terugkeer na Leipoldt se dramas waarvan ek net *Die Laaste Aand* en *Die Heks* wil behandel. In *Die Laaste Aand* dink ek nie ons kan beweer dat die sentrale situasie, die ontmoeting ná soveel jare tussen Martha en Van Noot, deur die noodlot bewerk is nie. Dit is immers deel van Martha se wraakplan wat sy al jare tevore gevorm het toe Van Noot haar in die steek gelaat het. Die ontmoeting is nie toevallig nie want Martha het op die een of ander manier op die hoogte gebly van Van Noot se bewegings en hom na die Kaap gevolg. Hierdie laaste onderhoud is doelbewus deur haar bewerk. Ek kan dus nie met Le Roux saamstem nie waar hy sê: „In die derde bedryf bring die Fatum Martha en haar eertydse minnaar saam in die raadkamer van die Goewerneur se huis.”

Maar die hartaanval waaraan Van Noot onverwags beswyk, pas nie in by Martha se planne nie. Dit kom volkome onverwags, soos 'n slag van buite. Ons word ook glad nie daarop voorberei nie; dit is eers in die derde bedryf dat ons daarvan hoor. (Daarteenoor het Leipoldt 'n soortgelyke aanval in *Die Heks* baie noukeurig voorberei.) En tog, al kan 'n mens die hartaanval aan die toeval toeskryf, het Leipoldt die toeval sinvol gemaak. Deurdat Van Noot so skielik beswyk, juis op die moment dat Martha gereed is om uiteindelik haar wraakplan, wat soveel jare haar gedagtes in beslag geneem het, uit te voer, word haar hele lewensdoel in 'n sekere sin verydel. Die situasie word nog meer tragies gemaak deur die feit dat Martha ook gespeel het met die idee dat sy Van Noot nog kon dwing om ter elfder ure die vonnis oor sy seun te herroep. As sy bemerk

dat Van Noot dood is, beseft sy skielik dat sy hom al die jare tog nog liefgehad het. Sy het dus haar hele lewe gewy aan 'n nuttelose wraakplan. Hierin voel ons die werking van 'n hoër mag wat die mens se planne heeltemal anders kan laat afloop as wat hy bedoel. Dit is ook die grondtema van die *Oidipoes Turannos* van Sophokles. Die mens wik maar God beskik.

Dat hierdie interpretasie nie blote inlegkunde is nie, is veral duidelik uit die proloog. Daar het Leipoldt op baie opvallende wyse die figuur van die Priester ingevoeg wat Martha waarsku teen die opvatting dat sy God kon dwing om haar wraakplanne te steun en haar vermaan om rustig Allah se beskikking af te wag. As Martha aan die einde ontdek dat Van Noot beswyk het, dink sy dadelik terug aan die Priester se woorde en beseft dat 'n hoër Mag sake anders beskik het as wat sy bedoel het. Die drama eindig met 'n erkenning van Allah se mag.

In *Die Heks* is die saak gekompliseerder. Hier kan 'n mens wel sê dat die sentrale situasie deur die noodlot bewerk is, nl. dat dit juis so getref het dat die Kardinaal regter moes wees in die saak waarin sy vroeëre geliefde en haar dogter van towery beskuldig word. Hierin kan ons die werking sien van 'n mag wat nie toelaat dat die Kardinaal die foute van sy verlede ontvlug nie. Hoe dit gekom het dat Jeronimo en Orsinia van mekaar geskei is, weet ons nie, want Leipoldt vermy dit om ons hieroor in te lig. Ons kan egter wel aanneem dat Jeronimo daar een of ander misstap begaan het.

In die eerste toneel kry ons 'n uitvoerige karaktertekening van die Kardinaal. Hy is 'n askeet wat sy vlees tot die uiterste pynig en hoewel hy as „Die Hamer van die Hekse” bekend staan, kos dit hom elke keer 'n gewetenstryd om mense na die brandstapel te stuur. Die verbranding van Johannes Hus, wat hy bygewoon het, is vir hom 'n vreeslike herinnering. Tog beskou hy dit as sy plig om die hekse te veroordeel. Dit volg dus uit die Kardinaal se karakter dat die verhoor van Elsa en haar dogter alleen op 'n veroordeling kan uitloop.

Nog sterker is die ingryping van die noodlot te sien in die feit dat die Kardinaal, nadat hy Elsa en haar dogter gesien het en besluit het om hulle te red, 'n floute kry wat hom juis op hierdie kritieke oomblik buite aksie stel sodat dit reeds te laat is as hy weer tot sy bewussyn kom. Dit is egter opmerklik dat Leipoldt hierdie floute baie goed voorberei het. In die eerste toneel vertel die twee priesters ons van die Kardinaal se askeetiese lewenswyse waardeur hy sy swak liggaam meer kwel as wat dit kan verduur, en broeder Eugenio noem by name die

floutes wat hy soms kry. 'n Mens kan dus nie sê dat die Kardinaal heeltemal sonder sy eie skuld deur die floute oorval is nie. Verder is dit ook heel natuurlik dat die buitengewone opwinding van die erkenning juis op daardie moment die floute veroorsaak.

En tog, al is die aanval van floute heeltemal verklaarbaar, kan ons nie aan die indruk ontkom nie dat agter die gebeure 'n hoër mag werksaam is, 'n mag wat net toe dit gelyk het of sake weer 'n gunstige wending neem, nie wou toelaat dat die Kardinaal van die foute van sy verlede wegkom nie. Dit is besonder treffend dat hy aan die einde van die drama tot hierdie mag bid, net soos Martha aan die einde van *Die Laaste Aand*, al is dit nou ook in die een geval die God van die Christendom en in die ander die Allah van die Mohammedane. As 'n mens wou moraliseer, sou jy kon sê dat die Kardinaal besef dat sy lewe op 'n leuen gebaseer was en dat dit nie so kon voortgaan nie, maar daarmee gaan 'n mens miskien verder as wat die dramaturg bedoel het. Die belangrikste bly die erkenning dat daar bo die mense ook nog 'n mag is wat hul lewensloop beïnvloed.

Ek stem dus saam met Le Roux dat die noodlotsgedagte by Leipoldt 'n belangrike rol speel, maar ek dink dat hy dit te sterk stel as hy beweert: „Die konflik is nie soseer met karakters as met die noodlot nie.” Ons kry wel deeglik 'n konflik tussen die karakters — dink maar aan Martha en Van Noot — maar ons voel tog dat daar ook nog 'n mag is wat, dikwels deur insidente wat heel natuurlik lyk, 'n beslissende wending aan daardie konflik gee.

FRED WALEWIJN:

DIETS LIED

*Mag ik van Scheveningen
zingen?
Scheveningen, verdwenen in de maag
van Groot-Den Haag?*

*„'t Was het allerschoonste strand,
van 't gehele Nederland.”
En, zoals het meer met mensen gaat,
werd Schollekop er geboren.
Zandvoortstraat.*

*Moet ik van Borgerhout
gaan zingen?
Borgerhout, nog niet verdwenen in de maag
der Groot-Antwerpse sarkofaag?*

*Wel „zo dansen de Reuskens van Borgerhout,
ze draaien eens om en hun voetjes zijn koud.”*

*Wil ek ook van Antwerpen
zingen?
Ook daar is Schollekop school gegaan.
Wel „zolang er Sinjoren bestaan
zal Antwerpen toch niet vergaan,
weg met de zorgen
en weg met 't verdriet,
zijn wij Sinjoren,
of zijn wij het niet!”*

*Mag ik zingen ook van Gent?
Studenten te voet en rijkswacht te paard,
de houten knuppel tegen 't blanke zwaard,
„Mijn naam is Roeland, 'kleppe brand
en luide storm in Vlaanderland.”*

Moet ik zingen van Brussel, waar in zijn nood
Schollekop heen moest voor zijn brood.

Daar wonen „de mannen
die de gas doen brannen”
dat was al in de Geuzentijd zo
al gaat nou de strijd
pour la Patrie et un . . . métro.

Hier volgt in mijn lied
een noodzakelijk hi-aat,
en wel van drie of vier koepletten
want moeilijk op muziek te zetten
zijn de chansons
van 't Krijgs-au-di-to-raat.

„In de Begijnenstraat moogde nie fluiten,
dat zullen w'eens zien zei de Luiten,
en hij floot een kwartier,
en daar kwam een cipier
en hij vloog met zijn kl...ompen naar buiten.”

Kom, wij stappen verder,
„naar de Jordaan”
„daar spreidt zich heerlijk open
zij die als keizerin
de kroon draagt van Europeanen.”

Wat wil ik van Amsterdam gaan zingen?
Vooral van die ene grijze dag
toen de Zuiderkruis in de haven lag
gereed om naar het Zuiden weg te springen?

„Wie in Amsterdam zei Kaapstad, Kaapstad,
en in Kaapstad te landen kwam,
die zei met mijmerende stem,
Amsterdam, Amsterdam.”

Wat mag ik van Kaapstad zingen?
Laat dit liever de Klopsen doen,
want zij doen dit met fatsoen,
Uilenspiegel laat hen springen.

„Sonstrale, Angeliere, Hollanders”
en ou Ballie van der Schyff
hou julle die Kaap maar Hollands
maar minder „voornaam” en maar half so „stijf”!

*Want wat van die Boere, die Boere in Kaapstad
is hulle nou Sap of is hulle Nat
hulle wat daai Rooitaal praat
ja tot selfs in Keeromstraat!*

*Maar Cecil wys ons na die Noorde,
daar lê dan Parow en Bellville.
Wat moet ik van Bellville zingen
als ik van Bellville niet zingen wil?*

*Daar was niet zo wit in Binneman-ville
als de schort van de Brusselse bakker
en daar was wel niemand zo wakker
— en zwart —
als Holemans Mil in zijn manel.*

*Wat is er te zingen van de Goudstad.
Baie stad en maar min goud.
Stad nog zo jong en toch al zo oud.*

*En tot slot is er
nog een ou plekkie
onder de zon
en dat is Alberton.*

*Alberton nog niet verdwenen in de maag
van de Goudstadse of Germistonse sarkofaag.*

*Als Alberton „TREK”
is 't om te gaan vissen
of om zich te vergewissen
hoe laat de drankwinkel vrijdag sluit.*

*En hiermee,
beste vrienden,
uit Vlaanderen, Holland en Transvaal
arm of rijk, harig of kaal,
komt er een verken met een langen snuit
en 't Dietse lied
van Schollekop
is amen en uit.*

DE NEDERLANDSE LETTERKUNDE: EENHEID EN SAMENWERKING

Voor ons is het duidelijk dat alle geschriften die in het Nederlands gesteld zijn tot de Nederlandse literatuur behoren. Dat is dus niet alleen het geval met het werk van schrijvers die de Nederlandse nationaliteit bezitten. De Vlamingen uit België hebben eveneens een belangrijke bijdrage tot de Nederlandse literatuurschat geleverd en zelfs komen in de Nederlandse letterkundige geschiedenis namen van Vlamingen uit Frankrijk (Michiel De Swaen 1654-1707), Van Indonesiërs (Noto Soeroto 1888-1951) en Surinamezen (Albert Helman 1903) voor. De vreemdelingen, die veelal niet weten dat er in drie Europese staten, Nederland, België en Frankrijk, een autochtone Nederlandssprekende bevolking woont, lijkt dat vrij zonderling. Zij verliezen dan ook de eenheid van de Nederlandse letterkunde uit het oog en geloven dat er naast de Nederlandse literatuur een specifiek Vlaamse woordkunst bestaat, die een afzonderlijk geheel uitmaakt.

Die mening steunt op de opvatting dat Nederlands en Vlaams twee verschillende talen zijn, een vergissing die in de hand gewerkt wordt door het feit dat de Franssprekende Belgen, om de taal der Vlamingen onbelangrijker te doen schijnen dan ze is, doorgaans opzettelijk over het Vlaams spreken als over een taal die merkelijk van het Nederlands verschilt. Daar is geen reden toe. Alleen is het Nederlands uit Vlaanderen iets ouder van woordkeus en zinsbouw dan het Nederlands uit Nederland en vertoont het, onder invloed van de verfransing die eeuwen lang op het land gedrukt heeft, een geringer gevoeligheid voor taalzuiverheid, die inzonderheid door het gebruik van gallicismen tot uiting komt. Dat verschijnsel is echter van voorbijgaande aard. Sinds de Vlamingen over middelbaar onderwijs in het Nederlands en Nederlandse universiteiten beschikken, dat is sedert 1932, wordt in het openbare leven, de literatuur, de pers, de radio en televisie, een ernstige poging gedaan om het Algemeen Beschaafd Nederlands algemeen ingang te doen vinden.

Een hinderpaal daarvoor zijn de dialecten of streektaalen, die nochtans, en dat dient opgemerkt te worden, niet volgens de

staatsgrens tussen Nederland en België afgebakend worden. Het zogeheten Westvlaams bij voorbeeld behoort bij het Hollands-Frankische spraakgebied, dat zich over het westen van Nederland én België uitstrekt. Het Brabantse dialect wordt even goed te Antwerpen als te Breda en het Limburgse te Hasselt als te Maastricht gesproken. De verwachting is gewettigd dat de Vlaamse elite in België binnen afzienbare tijd het Nederlands even zuiver en keurig zal spreken en schrijven als het thans door de leidende kringen in Nederland gebeurt. Daarom zullen de dialecten niet verdwijnen, schoon ze langzaam achteruit zullen gaan. Het kan geen kwaad dat zij als voertaal in de gemoedelijke omgang van burens onder elkander voortbestaan, als ze maar niet de plaats innemen die aan het Algemeen Beschaafd moet voorbehouden blijven. Als levende taalreserve voor het Algemeen Beschaafd, waaruit eventueel woorden en vormen kunnen overgenomen worden, maken zij ten andere een bron van verrijking en hernieuwing uit, die aandacht en waardering verdient.

Er bestaat nog een tweede reden waarom men in het buitenland dikwijls van een Nederlandse en Vlaamse literatuur als van twee onderscheiden begrippen gewaagt. Zo verscheen in 1961, onder de titel *Die Stimme des schwarzen Löwen* (Josef Keller Verlag, Starnberg), een Duitse geschiedenis van de Vlaamse letterkunde, waarin uitdrukkelijk de thesis voorgestaan wordt dat zij grondig van de Nederlandse literatuur verschilt. Georg Hermanowski, de schrijver van dat degelijke werk, is nochtans iemand die uitstekend van de toestanden in Vlaanderen en Nederland op de hoogte is. Hij staat te Bonn aan het hoofd van het door hem opgerichte „Flämisches Lektorat” en heeft sedert 1946 reeds meer dan honderd Vlaamse boeken in het Duits vertaald en er een uitgever voor gevonden. Hij denkt er dan ook niet aan in het Nederlands en het Vlaams twee afzonderlijke talen te zien. Maar uitgaande van de overtuiging dat de eigenheid van elk volk door zijn karakter bepaald wordt, meent hij dat er tussen Nederlanders en Vlamingen zulke grote verschillen bestaan, dat zij ondanks hun afkomst, taal en gedeeltelijk gemeenschappelijke geschiedenis, niet bij elkander horen.

De intellectuelen in Vlaanderen en Nederland die Hermanowski's standpunt bijtreden zullen evenwel een kleine minderheid zijn. Toch loochenen zij niet dat er tussen Nederlanders en Vlamingen, in het algemeen beschouwd, verschillen en zelfs tegenstellingen aanwezig zijn. Sterk vereenvoudigd komen zij

hierop neer, dat de Nederlander een overbewuste rationalist en de Vlaming een intuïtieve gevoelsmens is. Maar de verschillen komen evenzeer binnen de Nederlandse en Vlaamse ruimte voor. Tussen Noord-Brabant in Nederland en het zuiden van het oude hertogdom Brabant in Belgisch Vlaanderen, zoals ook tussen Nederlands- en Belgisch Limburg of Zeeland en Oost-Vlaanderen, gaan de dialecten, zeden en gebruiken, zonder breuk in elkander over. Binnen het Nederlandse taalgebied, over Nederland, België en Frankrijk verspreid, heeft men dezelfde schakeringen die men in alle Europese landen terug kan vinden. Gewoonlijk ziet men dan het noorden als de woonplaats van het degelijkste en stugste volksdeel, terwijl men afdalend naar het zuiden meer losheid en gemoedelijkheid verwacht! Het eigenaardige van het geval is, dat er voor de juistheid van zulkdanige opvattingen wel bewijzen voorhanden zijn. Het Vlaamse volksleven blijkt inderdaad meer ongedwongen en vuriger dan het in Nederland is.

Logisch verder denkend is Hermanowski zelfs zo ver gegaan de Vlaamse kunstenaars die in het Frans geschreven hebben, zoals De Coster, Maeterlinck en Verhaeren, in de Vlaamse literatuur een plaats te geven. Slechts weinigen zullen hem daarin kunnen volgen! Zeker niet de Franse literatuurgeschiedschrijvers die, trouwens met recht en reden, alle Fransschrijvende auteurs voor hun letterkunde opeisen. Dat niettemin in het buitenland de mythe van een afzonderlijke Vlaamse woordkunst nog lang niet verzwonden is, wordt door talrijke encyclopedieën en naslagwerken bewezen. In de jongste tijd zijn bovendien niet minder dan drie bloemlezingen verschenen, twee Duitse en één Franse, die uitsluitend het werk van Vlaamse dichters bevatten. Het zijn *Flamische Lyrik* (Max Hueber Verlag, München), samengesteld deur Heinz Graef, J. L. De Belder en Jan Vercammen; *Blüten aus Flandern* (Berglandverlag, Wien), vertaald door Prof. Dr. K. H. Schwarz-Vanwakkeren, en *Les belles Heures de Flandre* (Editions Seghers, Paris), waarvoor Liliane Wouters al onze erkentelijkheid gekregen heeft.

Intussen wordt, ook van officiële zijde, al het mogelijke gedaan om de eenheid van de Nederlandse letterkunde te beklemtonen en in de hand te werken. Sedert het tijdschrift *Groot Nederland* (1903) onder een gemengde Nederlands-Vlaamse redactie in het licht gegeven werd, heeft dat voorbeeld ruime navolging uitgelokt. De meeste literaire bladen hebben thans Nederlanders en Vlamingen onder hun redakteurs en

medewerkers. Verschillende algemene tijdschriften bezitten een opstelraad waarin Nederlanders en Vlamingen samen beslissen. Dat is niet alleen het geval met *Neerlandia*, het orgaan van het Algemeen Nederlands Verbond, waarin trouwens ook een Zuidafrikaan, Prof. Dr. H. van de Merwe Scholtz zitting heeft, maar al evenzeer met *Streven*, een veel gelezen maandschrift dat door de Jezuïetenorde uitgegeven wordt, en *De Maand*, de spreekbuis van een groep jonge katolieken, die naar een doorbreking streven van de verzuiling waartoe de politieke indelingen op grond van wereldbeschouwelijke principes geleid hebben. Sedert vier jaar verschijnt bovendien een tijdschrift van jongeren, dat tot doel heeft de kulturele samenwerking tussen alle Nederlands en Afrikaanssprekenden te behartigen. In zijn redactie zetelen Prof. Dr. A. Coetzee, W. A. de Klerk, Prof. Dr. D. J. Opperman en Lorentz Schultz, naast Nederlanders en Vlamingen uit België en Frankrijk.

De bestaande samenwerking is van niet minder belang op het gebied van de uitgeverij. Reeds op het einde van de vorige eeuw ontstond het gebruik dat Nederlandse uitgevers in België door een Vlaamse uitgever, of Vlaamse in Nederland door een Nederlands kollega vertegenwoordigd waren. Belangrijke Vlaamse auteurs als Streuvels en Timmermans, ook nog Elsschot en Walschap, hebben voor hun voornaamste werk in Nederland een uitgever gevonden. Voor de eerste wereldoorlog was het Vlaamse uitgeversbedrijf zo weinig ontwikkeld, dat het als een aanbeveling gold wanneer een Vlaams boek in Nederland uitkwam. In de jongste veertig jaar is die toestand grondig gewijzigd. De Vlaamse uitgeverij heeft een verrassende vooruitgang gekend en is in België belangrijker dan de Frans-talige uitgeverij geworden. Zij brengt de meeste Vlaamse auteurs op de markt en zelfs is het geen zeldzaamheid meer dat het werk van een Nederlander in België van de pers komt. Er blijft niettemin in de Nederlandse boekhandel een zeker vooroordeel tegen Vlaamse boeken bestaan, omdat zij volgens de boekhandelaars te typisch Vlaams zijn. Die houding wordt nochtans bij het publiek veel minder aangetroffen, bij zo ver dat verschillende Vlaamse auteurs zoals Gijsen, Boon en Claus, meer in Nederland dan in eigen land gelezen worden.

In de Nederlandse en Vlaamse pers wordt over de gehele Nederlandse literatuur geschreven. Dat de jongere Nederlandse schrijvers doorgaans in Vlaanderen en de jonge Vlaamse gewoonlijk in Nederland minder bekend zijn, is te wijten aan het feit dat veel uitgevers te weinig recensie-eksemplaren van

hun boeken in het andere land ter beschikking stellen. Nederlandse kranten worden in België en Vlaams-Belgische in Nederland niet veel gelezen; ze lichten daarvoor te weinig in over wat er iedere dag in het andere land gebeurt. Nederland en België zijn, ondanks hun historische verbondenheid, twee afzonderlijke werelden met sterk uiteenlopende problemen en eigen atmosfeer. Die politieke en sociaal-ekonomische andersgezindheid schept de grootste hinderpaal voor het tot stand brengen van de zeer innige samenwerking die door het Benelux-Verdrag wordt beoogd.

Sedert de jongste wereldoorlog wordt door de Nederlandse en Belgische regering een volhardende poging gedaan om het kulturele leven van de twee landen, waarin de letterkunde natuurlijk een aanzienlijk belang oplevert, beter te harmoniëren. In 1927 werd tussen beide staten een kulturele overeenkomst gesloten, die hoofdzakelijk tot doel had een geregelde uitwisseling van leerkrachten mogelijk te maken. Ze werd in 1946 door het Nederlands-Belgisch Kultureel Akkoord vervangen. Het voorziet dat er een bestendig contact zou ontstaan om „de goede betrekkingen tussen beide landen op het gebied van onderwijs, wetenschap en kunst op een hechte basis te grondvesten en te ontwikkelen.” Met dat doel werd een Gemengde Technische Kommissie tot uitvoering van het Nederlands-Belgisch Kultureel Akkoord opgericht, die ondertussen schitterend werk verricht heeft.

Wij laten onverlet wat die kommissie voor het onderwijs verwezenlijkt heeft, om haar bedrijvigheid ten overstaan van de literatuur te belichten. Sedert 1959 wordt op haar initiatief ieder jaar een Konferentie der Nederlandse Letteren gehouden, waar in verschillende afdelingen (letterkunde en toneel, uitgeverij en boekhandel, bibliotheekwezen en radio) een reeks maatregelen besproken en beslissingen getroffen worden, om door nauwer samenwerking tot inniger verbondenheid te komen. Aan de besluiten van die kongressen is het te danken dat Vlaamse schrijvers regelmatig in Nederland en Nederlandse in België optreden, dat de radio en televisie van beide landen op elkanders medewerkers een beroep doen en gemeenschappelijke prijsvragen uitschrijven en ook dat er een Prijs der Nederlandse Letteren ingesteld werd, waarvoor het bedrag door de Belgische en Nederlandse regering samen bijeengebracht wordt. De prijs werd reeds tweemaal toegekend, eerst aan Herman Teirlinck, daarna aan Adriaan Roland Holst. Vermelden wij ten slotte

dat de commissie over een orgaan beschikt, dat passend genoeg *Gedeeld Domein* geheten werd.

De jongste Konferentie der Nederlandse Letteren werd op 17 en 18 november 1961 te Antwerpen onder de leiding van Prof. Dr. W. Asselbergs (Anton van Duinkerken) gehouden. De voornaamste besluiten sloegen op het toneel en de omroep terug. Daarin worden de regeringen van Nederland en België verzocht een driejaarlijkse prijs voor Nederlandse dramaturgie uit te loven en een aantal toneeldeskundigen in staat te stellen verslag uit te brengen over de in het buitenland toegepaste methodes om het toneelleven te ondersteunen. Om de samenwerking in de radio en televisie uit te breiden, zullen benevens de gemeenschappelijke wedstrijden en programma-uitwisselingen, te Brussel en Hilversum klankbeelden over „Haarlem in de Literatuur en „Gent in de Literatuur” uitgezonden worden. Herdenkingen van elkanders schrijvers staan in beide landen op het programma. Een bijzondere televisie-uitzending over Erasmus, zal door Nederlandse en Vlaamse kunstenaars samen verwezenlijkt worden. Het optreden van Nederlandse sprekers te Brussel en Vlaamse te Hilversum wordt voortgezet en naar aanleiding van de Nederlandse boekenweek in 1962 zal in beide landen een opvoering van dezelfde oorspronkelijke luisterspelen plaats grijpen. Een aantal Nederlandse en Vlaamse luister- en T.V.-spelen zullen in vertaling aan buitenlandse omroepen aangeboden worden, terwijl in de werelduitzendingen te Hilversum en te Brussel het nodige zal gebeuren om de nieuwe Nederlandse boeken bekend te maken en de vertaling ervan in de hand te werken. Hierbij aansluitend mag zeker niet onvermeld blijven dat met de steun van beide regeringen te Amsterdam het driemaandelijks, in het Engels gestelde, tijdschrift *Delta* verschijnt en ook een stichting voor vertaling van Nederlandse literatuur opgericht werd, die bemoedigende resultaten tot gevolg gehad hebben.

Ons overzicht over de actie tot inniger vereniging van de Nederlandse letterkunde in het gehele Nederlandse taalgebied is niet volledig, maar wij troosten ons met de hoop dat het toch een inzicht biedt in de vele initiatieven die reeds genomen werden en meteen in de problematiek die door het nastreven van meer eenheid en samenwerking gesteld blijft. De verantwoordelijke personen en diensten zijn meer en meer de overtuiging toegedaan dat men van hogerhand de letterkunde moet steunen en bekend maken, als men haar bloei wil bevorderen en er ook in den vreemde belangstelling voor wil wekken. Er

leven op dit ogenblik in Europa ruim 17 miljoen Nederlands-sprekenden, waarvan 11,500,000 in Nederland, 5,675,000 in België en 150,000 in Frankrijk. Onze wens is dat er terzelfder tijd, zowel door het vrij initiatief als van overheidswege zou getracht worden ook de Zuidafrikaanse literatuur bij de ont-plooide aktiviteit te betrekken. Dat zou, naar onze mening voor alle partijen, alleen maar voordeel opleveren. Het lijkt ons goed, als wij straks naar de Verenigde Volkere van de Wereld gaan, dat in die vereniging de volkeren die familie van elkander zijn het nauwst samenwerken.

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN:

TOE WINDHOEK ONS STAD VAN VERLANGE WAS

*Die hart van Windhoek is 'n knus kafee
met 'n bont gordyn en 'n tafel vir twee.
Vandaar loer ons uit na die stadsgewoel
as die bont verkeer deur die teerstraat spoel.
Ons sien hoe 'n wolk soos 'n silwer bol
oor die nek van 'n harsbruin rantjie rol,
ons sien hoe 'n koedoe, ligbelyn,
sy ore spits oor 'n spuitfontein.
Ons sien hoe 'n ruiters van brons metaal
waak oor die stad van ons klein verhaal.
Ons hoor hoe die klokke hul blink ou lied
in die middag laat oor die landskap giet.
In 'n ry langs die hoofstraat waar heugenis waak
staan vandag en gister ingehaak.
In hul rus geleun met die rug teen die rant
betrag drie kastele die amber land.
Op 'n hoek by 'n bank of bioskoop
word daar afskeid geneem en koerante verkoop.*

*Ons ontmoet voor 'n geurige, lou apteek
en ons wag om die hoofstraat oor te steek.
Ons lees die uur teen die poskantoor
en weet, vir vandag is die gala oor.
Voor 'n skilferwit hekkie groet ek jou.
Hoeveel ure gaap tussen more en nou?
Is daar een struktuur of verskole straatjie
waar ons nie gesloer het vir 'n grap of praatjie?
Is daar een basaar of winkelstoep
waar gedagtenis nie saggies roep?
Is daar een stukkie pad voor kantien of skool
waar ons kinders van liefde en leed nie dool?
Is daar een blok plaveisel waar ons kan sê
dat ons hartstog se splinters nie glinsterend lê?
Of 'n enkele pad wat ons nie gery het
voor ons, altyd vir oulaas, telkens geskei het?*

*Watter waardes mens ookal om Windhoek mag smee,
vir my klop haar hart in 'n knus kafee
met sypelmusiek uit 'n skyf aan die muur
en 'n suikerdeun vir 'n naamlose uur.
Hierdie stad is oneindig en welig en ryk
met geboue en strate so ver as mens kyk,
maar nêrens deur al sy geraas en gewoel
het ek nog een oomblik sy hartklop gevoel.*

*Hulle sê daar't 'n skeur in haar kleed gekom
en 'n frons om haar oë en haar lag is stom,
maar vir my klop haar hart in 'n knus kafee
met 'n bont gordyn en 'n tafel vir twee.
Vir my is sy jonk, met 'n hartseer pret
en haar oë is die oë van 'n blonde koket.
En so groei haar beeld in my drome vas
soos toe Windhoek ons stad van verlange was.*

WATER EN LUG

I

*Diepsee stoei met die
wind en vind die knie
van breekwater en
gryp desperaat en*

*soek na die stil rus agter
die blokke van die breekwater
waar die diepgroen water stil is
en rustig gorrel-fluister.*

II

*Die wind gryp wild aan die see,
ruk sy bloutes grou en wit,
sleep gebreekte water mee
wat hy weer sal moet neersit.*

III

*Die dun lewenslym van die see
spoel oor die klein-verdeelde wee
van die gekleurde klompies baar
protoplasma wat wellustig
die oergenot van eet ervaar
en blindweg voel na die warm lig.*

LEEGTE

*Wat is dit in my
wat so roer om my
en roep op die berge se
ingesnyde horisonne
en in 'n donker heining
onhoorbaar ween oor die skeiding
wat is dit dan in my
wat so leeg is in my?*

A. J. J. VISSER:

BESWIL EN MOEDSWIL

Nadat ek die besprekings van poësie deur erkende kritici gedurende die jare 1945 tot 1955 nagegaan het, is dit opvallend dat daar een enkele aspek was waaraan besonder veel aandag gewy is en as gevolg waarvan skerp woorde gespreek is, nl. invloede of dan wel beïnvloeding.

Mens voel byna om te sê dat dit toe „mode” was om invloede aan te toon en alvorens dit nie gedoen was nie, was die werk nog nie af nie. En besprekings is soms geheel en al aan dié onderwerp gewy.¹

In Standpunte 5 het W. E. G. Louw die saak mooi ewewigtig probeer stel:² „Die herkenbare herinnering aan die werk van ander is verklaarbaar en selfs vergeeflik in die werk van elke jong digter, (want) met die probleem van beïnvloeding hang saam die hele probleem van die kontinuïteit van die poësie deur die eeue.”

En tog het Louw hiermee die invloede-bal 'n groot stoot teen die afdraand toegedien, want hy kon nie daarin slaag om dit te verklaar en 'n jong digter soos Bartho Smit te vergewe vir die „vanaf duidelike herkenbare reminissensies tot die subtiële litêre assosiasies” nie. Om tot die slotsom te raak dat dit 'n „vraag (is) of sulke verse reeds publikasie verdien,” onderneem Louw 'n lang soektog na invloede om die „groot nadeel” aan die kaak te stel.

Of Louw se slotsom in hierdie geval geregverdig was, daar gelaat, maar feit bly dat hy op 'n polisiefluitjie geblaas het en ander beoefenaars van die kritiek het met mening en met minder ewewigtigheid in dieselfde rigting begin beweeg. Gevolg was dat die klem al hoe meer eensydig begin val het. Waar Louw nog woorde soos „verklaarbaar” en „vergeeflik” gebesig het, het andere na hom hulle totaal vergeet en het *invloede* 'n reuse gevaarte geword wat die jong en ouer digters (en glad nie altyd debutante nie) teen die heuwel van skepping probeer verpletter het.

So moes Ernst van Heerden telkemale deurloop. Om net een voorbeeld te noem: P. A. Grové skryf: Dit wil inderdaad voorkom of Van Heerden die lewe slegs deur die sintuie van ander kan ervaar en aanvaar.³ Dit het sulke afmetings aan-

¹ Rob. Antonissen: *Standpunte* 31, bl. 53-56.

² W. E. G. Louw: Van die Stubeel in die Saal: *Standpunte* 5, bl. 64.

³ *Die Huisgenoot*, 13 Julie 1951.

Sien ook: *Tydskrif vir Letterkunde* 2 nr. 3, bl. 99.

geneem dat S. J. Pretorius die kritici beskuldig dat hulle „so te sê die baba met die badwater uitgegooi het.”⁴

Hierdie onderwerp het sy beslag en hoogtepunt bereik in die verhandeling van D. J. Opperman, *Digters van Dertig*, waar dit veral gaan om die *verklaar* en die *vergewe* en om die *kontinuiteit van die poësie deur die eeue*. Hier sien ons dat byna elke gedig en selfs versreëls herlei kan word tot dit wat reeds vroeër deur ander, groteres gebesig is. In dié verband is Opperman se verwysings na W. E. G. Louw se werk veral interessant:⁵ Hy bevind dat „hy (Louw) in 'n hoë mate afgeleide poësie skryf. Sy digkuns is feitlik 'n eklektiese samestelling van versreëls, beelde en uitdrukkings uit die werk van ander . . . ” J. Greshof en veral Coster asook Holst „slaan oral in poëtiese parafrase by Louw uit.” . . . „In *Vergeefse Vlug* hoor 'n mens nog te duidelik Francis Thompson se *Hound of Heaven*.” Met verwysing na Maria: „'n digterlike uittreksel in sonnetvorm van R. Brooke se lang gedig, *Mary and Gabriel*,” ens. ens. om eindelijk tot die slotsom te geraak: „Hierdie voorbeelde is voldoende om aan te toon hoedat Louw se vers tot in sy fynste vesels aangetas is deur die werk van ander.”

Maar ook in verband met Uys Krige met betrekking tot sy *Tram-ode* is die slotsom waartoe Opperman geraak byna sonder uitsondering 'n batige saldo as hy opmerk: „Tog is al hierdie invloede beuselagtig.”⁶

Toe gaan dr. Rob. Antonissen verder en bespreek 'n bundel van S. Ign. Mocke.⁷ Behalwe dat hy hom byna 'n epigoon noem, noem hy hom 'n duidelike eggo en wel van Krige: „Maar ja: Krige . . . Krige.” Hier is die gedagte van kontinuiteit heeltemal afwesig. Wat van name soos Baudelaire e.a.⁸ Van Krige vra Opperman bv.: „Is hy nie maar net 'n blote naskeppende kunstenaar nie? En tog het hy gedigte geskryf wat *ten spyte van invloede* groot gedigte is . . . ”⁹ (Ek kursiveer.)

Toon dit nie aan dat die kritikus wat 'n skrywer nie te goed gesind is nie die verkeerde indruk kan wek deur die klem te laat val op die sg. invloede wat, soos aangetoon, soos die armes altyd by almal teenwoordig is?

'n Voorbeeld om aan te toon hoe die verskuiwing van klem die hele aangeleentheid in 'n ander lig kan stel: In *Ons Eie Boek*¹⁰ bespreek dr. T. T. Cloete Voor Die Nag Kom van

4 *Tydskrif vir Letterkunde* 4 nr. 1, bl. 26-30.

5 Opperman, D. J.: *Digters van Dertig*, bl. 322-337.

6 Opperman, D. J.: *Digters van Dertig*, bl. 279.

7 *Standpunte* 31, bl. 53.

8 Vgl. voetnoot van *Digters van Dertig*, bl. 279.

9 Opperman, D. J.: a.w., bl. 300.

10 *Ons Eie Boek*, Jaargang XX nr. 1.

D. Richards waarin hy gewag maak van 'n parafrase van dele uit *Joernaal van Jorik* en hy noem ander name waaraan dele uit *Voor Die Nag Kom* dan sou herinner. Na die resensent deur mnr. Richards op die vingers getik is, verander hy die aanval in verdediging in die volgende uitgawe van *Ons Eie Boek*: „Die noem van daardie name was om mnr. Richards in goeie geselskap te bring” . . . en verder: „want dit is beter om invloede van hierdie figure (Opperman, Van Wyk Louw, T. S. Eliot e.a.) te ondergaan as om hulle ongelees te laat.”

Die versvorm waarvan die digter hom bedien het ook onder skoot gekom¹¹ en deurgevoer tot in sy volle konsekwensies het dit voorgekom dat as iemand van voorneme was om te skryf, hy soos volg moes optree: Pak alles wat reeds geskryf is in alle tale en in alle tye . . . neem voorraad van al die temas wat behandel is, die versvorme wat aangewend is en as hy dan selfs die styl van elkeen ken en daar bly dan nog iets nuuts oor, moet hy haastig doen wat hy wil doen.

Die gevaar is dan dat hy in sy geesdrif nie verhoudings erken nie en in situasies kan beland waaroor hy later ongemaklik voel soos Uys Krige oor *Ouverture* uit sy *Oorlogsgedigte*:

Sing die klavier
helder
helder
silwer
silwer
silwer
sy yl
hoë note
maar swaar
en diep
en droewig
droewig
donker,
donker,
donker
sy weerklaende
dubbele akkoorde.

Teen 1955 het die invloede-uitbarsting hom grootliks uitgewoed en verdwyn die oormaat klem in dié verband weer allengs. Net so nou en dan let die opmerksames op dat Vesuvius darem nog rook!

En het dit alles geskied tot beswil van die Afrikaanse liriek?
Soms wel. Soms . . . ?

¹¹ Vgl. Watermeyer: *Tydskrif vir Letterkunde* 3 nr. 1 en Antonissen: *Standpunte* 31, bl. 54.

EDWIN DE KOCK:

FLUIT

*Die trein se wanhoopskreet en slangevaart
by nagtelike huis en hart verby
donder langs slape wat oor die wêreld yl.*

*'n Ligsens lem die digte donker oop,
en glansgekweste beelde spartel weg
na waar die geile nag se ruigtes groei
in 'n drif wat ouer as lig of rotse is.*

*Die toekoms is 'n tunnel of 'n krans,
'n grasbebaarde wang van brute berge
met grynslag ouer as Metusalem
of elke bodemlose gorrelafgrond,
en gunter 'n stasie of gebreekte brug
as baken van die laaste sekerheid.*

*Daar is geen skreeu wat so die vlees ontroer
of die brein laat bewe soos hierdie nagrumoer.*

NAG

*Wanneer die liggaam al sy luike sluit
en die altyd dringende Ek weer drie voet word
en spitsoor luister langs 'n donker ruit,
dan breek dimensiemure wat ons skort
tot hierdie eeu waarin die lewe woed —
'n holte lig in al die duisternis —
en deur ons strate stap 'n huisgroot voet,
wat die siel meteens laat skreeu en bitter stort
deur stemge vulde draaikolkdieptes af,
as alles sonder peil of bodem word
en elke uur opnuut 'n afgrondgraf.*

HERLEWING

*Die lente is 'n blonde hoof
en swieregang langs winterstrate:
haar skrede wek 'n bloeiselspoor,
en die wêreld raak so uitgelate.*

*Daar breek uit elke ding die blom
wat innig mooi in alles gloei.
Selfs die beton en stomp gedagtes
begin soos angeliere bloei.*

*Die vlees word prisma van die gloed
wat uit die vuurherd van die lewe
deur al ons donker slaan. Ons word
gebed, of iets nog meer verhewe.*

*Die warm gewoel van kleur en groei
wat dieper roer as son of wind
en hart en wêreld heg versmelt,
het ons vir ewig met die uur verbind.*

N. A. COETZEE:

LAAT BRIEFIE AAN 'N JEUGVRIENDIN

*Onthou jy nog ons liefde, ons jeug se rosetuin?
Bly al sy wonderweelde vir jou ook helder skyn?*

*Onthou jy nog jou wense vir ons geluk, so mal,
as skielik van die sterre verskiet in die heeal?*

*Verskiet het ook ons weë! Ons het dan skaars ontmoet!
Die jeug is net 'n afskeid! 'n Afskeid was ons groet!*

*Jou gees kon ongeskonde jeugdig in my geheue bly!
Moes daarom juis ons weë, so vroeg, so tydlig skei?*

*Jou beeld het al die jare, my diepste siel gewy!
Ons rosetuin sal alle tye, so vol jong bloeisels bly!*

IGNATIUS VAN VUUREN:

SWANESANG

*Eers 't hy stil in sy baan
gewentel, gedraai, eensaam in die ruim:
dié klein korreltjie klip.*

*Maar later begin vreemde bloeisels
aan sy bome bot.
Die mens raak ontevreë met sy lot!*

*Asof uit 'n eeueslaap gewek
het hul dit plots ontdek —
uraan, die swaar wit metaal
uit die aard' se arsenaal.*

*Toe maak hul die bose bom;
klim met sy konvekskop
in die stratosfeer op en op,
en met die eerste reën
kom onverhoeds, soos 'n dief,
die dode-as — radioaktief!*

*Later kyk ons uit die puin orent:
tussen die sterre en die nag,
blink soos kwik, sien ons die snel satelliet.
En hy skryf, hy skryf met minder krag
die mens se laaste bitter klag.*

SKILDERY

*Vlak op vlak,
geel, groen, grys,
spatsels bont abstrak;
hy wen die gesogte prys!*

*Wil hy iets,
'n boodskap dalk?
dié man met
sy skewe pet?*

BOME

*Die bome, o die bome van my buurt!
Ryk getooi in die roesrooi
van vanjaar se Mei!
Kaleidoskopies die spel
van twyg en tak;
wring kunstig stukkies blou lug tussenin!
O, sing my 'n lied,
gee my die bome van my hartsgebied!*

*Sabie, Shingwedzi,
rooibos se land,
blinkblaar lag in sy loof:
sterk, stewiggedraaide stam,
kort van draad, mier se tier!*

*Acacia, doringboomgeslag,
dorsland se doring;
soetdoring, somerkoning jy!
Koning van die kaal Karoo
gedos in goue geurige geel.*

*Koedoebessie, kierieklapper, kiepersol,
kameeldoring, koorsboom, sering,
ai, wie kan jul skoonheid besing?*

PIROW BEKKER:

WINDNAMIDDAG

*Die wind keer ons vas
in die donker, dowwe vertrek
van die huis
op die vlakke.
Hy hardloop uitasem
al rondom ons
en huil,
dat ons moeë bloed
wegkrimp en elkeen voel
hoe die voeë
met die ander swig.
Hy gaan verder
en kom nader, nader,
spring met sy sagte
kussingvoete
op die dak dat sy naels
net tik teen die sink.
O die wind en die dak
en die hoeke.
Tot een opspring
tussen sy leunings
en met dom, bitter gesig
oopmaak.
Dan gryp die wind hom,
sleep hom om die hoek
en bondel hom weg.
Ons roep, maar die
wind is dol. Die deur
skiet oop.
Die portrette van geslagte
dans weerloos en kap;
tot die glas breek
en die glans
van hul gesigte
aan hul voete
stukkend val.*

VERKOOPSKUNS

*„Die motor is hier ingedryf,
dit kan ek jou waarborg, buur!”
„Nee, maar ek aanvaar jou woord.
Dis net: hy's nie hier inbestuur!”*

AMBULANS

*Nog ver vanwaar die robot gloei,
Sien ons met skok hoe wonde bloei,
En laat die pad wydoop vir hom
Wat dringend deur die daglig loei.*

BY DIE JONGERES

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

HENDRIK PRINS:

GEBED IN DIE LENTE

*Hou hierdie dae so
oop en wit
met botsels aan die bome, Heer,
laat ons in hierdie dae glo
dat U duisendjaar gekom
het, Heer, hou hierdie dae so,
laat U son glim, die bosduiwe brom,
net vir hierdie enkele voorjaarsdae,
weer die onrus uit ons hart
o Heer, net hierdie lente
net hierdie één ligroos dag,
kom weer in die swaar hoogsomer met die smart
Heer, kom dan met die onrus weer,
bewaar net hierdie dae
so oop en wit, ek smeek U Heer.*

LYNETTE LOXTON:

DIE AFSKEID

*Het ek my arms te styf om jou geslaan?
Kon jy die knelling van my hand oor joune voel?
Het jy gemerk dat daar 'n traan
my oog verblind toe jy jou
traag uit my omhelsing los moes woel?*

*Toe my bewerige glimlag nog vir laas
met soveel teerheid in jou oë
'n weerkaatsing vind
was dit die onsigbaar band van diep verlange
wat ons vir laas nog aan mekaar wou bind.*

AAN DIE ONBEKENDE SEUN

*Jy het so stil, so onopsigtelik
vir altyd in my wêreld ingesluit.
Oor kalme poele van bestaan het ek gedruip
En jou — vermeende jeugbeeld van myself — ontdek:
Jou liggaam rimpelloos en vol van krag
het werklikheid geword. Soos jong Adonis
het jy opgerys, en jy was jy en is
dit nog. Toe het ek jou bemin met krag
so sterk, so selfloos dat ek kon vergeet
dat menswees, jonkwees slegs 'n oomblik vul.
My hande wou jou beeld se polsing voel,
my gees wou alles wat jy was, weer meet.
En jy het jeugdig-gretig jou aan my onthul.*

Toe het ons oë oopgegaan en jy het weggespoel.

NET SOMS HET EK GEWONDER

*Diep in die eindes van my siel het ek jou liefde gehad.
Die wellus van jou liggaam en jou stem het my laat beef,
En ek het hoog en vry en singend uitgestyg om daar te sweef
Op newels wat die kleure van die reënboog vang.*

Maar wat

Het in jou siel se dieptes aangegaan?

Want lank voordat

*Die nuwe lewe in jou liggaam tot sy volle krag kon leef,
Het jy jou moeisaam uit my lewe weggevoel.*

Ek het gestreef

*Om dit wat lewe soek weer in jou aan te blaas; weer wat
Die lewe aan sy kinders gee met albei hande op te vang;
Weer dit te kry wat in die eerste oomblik van ontdekking ons
So saamgebind het met 'n band wat sterk en heerlik was.
Maar daarvan het daar niks meer oorgebly: dit was my swane-
sang.*

Nag-van-die-hart het op my toegeslaan.

Net soms, net soms,

Het ek gewonder of jy ooit bestaan en of dit drome was.

PIKKIES

*Hul gesiggies is soos liggies
As hul kleine ogies diggies
Sluit om gou-gou te gaan slaap.
En hul laggies is so saggies
As hul droom van kleine vraggies
Wat hul op en af laai in die Kaap.
En die handjies is kalantjies
Wat so vat-vat aan die randjies
Van die suikerpot om gou 'n klont te „gaps”.
Maar die lippies trek as snikkies
Sonder baie omhaal glippies
Omdat Moekie al te hard werk met haar raps.*

*Kleine pikkies bly vol nukkies
Maak geen saak hoe klein hul is.
En só gou verdwyn die pikkies
En net Moekie mis die stukkies.*

P. G. GOUWS:

ERNA SACK

*Koloratuur, daar string uit jou
'n deel van God: 'n goue draad
wat álmal vas kan spinnerak:
'n stem wat Esperanto praat.*

WOESTYN

*O, Skepper van die see, ek wag
witheet en smekend: laat vandag
U koelte oor my duine spoel
en spleet die son se wrede lag.*

KRISMIS

*'n Dogtertjie het 'n drievoet-pop
penregop agter glas sien staan
en swartes het 'n meid se kop
tot papperij van bloed en been geslaan.*

*In 'n ouetehuis is Heilige Nag
daglank gesing, tot een hom vervies:
„Kom, bog, kom ons lag;
laat dié wat dan wil, hulle sit en verknies.”*

*En twee verliefdes het hand om die lyf
in die ooste 'n blinkende spatsel sien dryf.*

NÁ DIE HAELBUI

*Ek sien die repe mielieblare,
pap modder teen die ploeg se skare,
en plassend van die stroois af kom
die oesvolk aan met twee kitare.*

KOOF SNYMAN:

ERVARING

*En ek, met my oë
wit na die berge gedraai
het stil gestaan en geboë
teen die wind van God
wat deur vlaktes van my wete waai.*

*Ek was verwonderd
dat vrees
en pyn
só kon wees
soos helder vonkelwyn
en soos diep water.*

AAN M.

*Jy kom na my
soos lig deur riffelglas.*

*Êrens in my
lig jy 'n wêreld oop*

*Dan breek die lig:
die glas splint wyd en wit.*

*Jy bly van my
'n ewigheid verskuil.*

PROBLEEM

*Ons praat die heelnag om.
Ligdag laat ons stom.
Sal in die wye kontinent
tog eendag 'n bruin volk blom?*

DIGTER

*In die klein kosmos van sy weet
skiet hy van Orion na Suiderkruis
en vind dat die blink komeet
van woorde telkens verder gaan.
Soms leef in hom die waan
dat hy elke ster kan gryp
en klem tot klank en woorde, ryp
soos groot geel mane op die horison.
Gee Heer, dat dit gestalte word:
nooit aards en pygmalities stort.*

STRANDLOPER

Vir I.

*Daar loop 'n paadjie na die see,
hy loop en loop alleen.*

*Daar staan 'n spoortjie op die strand,
hy staan en staan alleen.*

*Daar lê 'n skulpie in die sand,
hy lê en lê alleen.*

*Allenig skulpie uit die see,
ek hou jou in my hand;*

*ek hou jou teen my oor en hoor
'n lied van immerwee.*

LOUIS KRUGER:

ROMANTIEK

*Die ou romanse
van skaduwee en lig,
vanmôre herspeel
onder 'n boom,
het my gestem om hierdie lied te sing:*

*Die donker oorrumpel die lig van die dag,
en vier met swart getande lag
sy oorwinning;
bedags kruip die lig skamerig terug oor die grond,
maar skadugate herdenk in grond
sy oorwinning.*

VERKEERSKONSTABEL

*Elke middag tussen vier en halfses,
Ontlaai hy die stad
Op die besige pad,
Met sy lang sterk arm van Oos na Wes.*

*Moeë traanbevugte gesigte staar
Hom dankbaar
Agter vuil motorvensters aan,
En wend hul dan af na die oop vry baan.*

*Sy wit getooide hande
Ontknoop verkeersbande,
En verkondig met 'n swaai
Sy triomf as die laaste teer kinkel losdraai.*

*Maar smôrens, vermoed, teen tien,
Laat swik hy met 'n sug,
Bebloede hande en gegêselde rug:
Hulle wil opsluit die gulsige stad weer dien.*

En toe sy vriende daarvan gehoor het, het hulle hul hande saamgeslaan en soos hy het hulle die vastigheid onder hul voete voel padgee. Vir een vreeslike oomblik het hulle onseker bly hang en toe het hulle begin val en val . . .

A. J. B. RAWLINS:

SMOUS

*Met twee mandjies aan 'n bamboesstok
oorlaai met verlepte groente
uit 'n spoorwegtrok,
spreeu hy dunbeen na die agterstoep;
en hurkend in die koelte van die muur
kla hy, alles op die mark is skielik peperduur.
Hy weet nie hoe die mens nou gaan leef,
selfs hy voel die knyp — sy stem die beef.*

*Laat vannag, as die polisie wagstaan buite
in die straat,
dan sluip sy gulsige gedagtes na pronk woonstelle
in 'n blanke buurt.*

geword het. Daarom kyk hy maar oor die woestyn weg; die sand, die duine. Aasdiere lewe weer in die bleekgeel lig en sluip op hul niksvermoedende prooi af.

Terwyl Kaggen sy vuil, geel gesig teen die swart karos skuur, sit Daltè alleen langs sy vuurtjie. Saans voel hy altyd so alleen. Dit is vandat die leeus Kwasi daar anderkant by die modderpan gevang het, en die witman sy spore daar ook kom maak het en die Boesmans toe weggetrek het daar van die vlei af om nou hier hulle sleepsels teen die duine te maak. Later het Daltè opgestaan en meer hout op die kole, wat begin as trek het, gegooi. 'n Luiperd het 'n gemsbok gevang. Daltè het die doodsfloit gehoor.

Daltè het stil in die vlamme gestaar. Dis hulpgeroep van die bok het hom so baie aan Kwasi laat dink. Kwasi! Sy wat altyd die murg aan sy arms en rug gesmeer het as hy moeg van die jagveld af gekom het; sy wat altyd die vashoudorings uit sy hakskene gehaal het en die brandgevoel met vars heuning stilgemaak het, die heuning wat sy ver gaan haal het selfs as die Wit Bul op sy hoogste was en die duine onder sy blik gesmeul het; sy wat altyd die Mopanietabak met soveel sorg gekerf het as sy tabak min geword het.

Sonder dat hy dit weet, het Daltè met die dansende vlamme gepraat. Sy stem was dof en veraf soos 'n yl rokie wat ver oor die duine deur die dwalende wind draai. So amper asof dit oor die ashopies van gister en die dag voor gister dwaal en stil huiwer bo die asmerkies wat nog warm vure was toe Kwasi sy boog gevat het en toe hulle man en vrou geword het. Dit was die aand toe die volk by die werf die dans van die wind en die gras gedans het. Lank voor die witman hulle uit die vlei gejaag het . . .

En toe die Wit Bul weer terugkom en die swart karos met die baie gaatjies, soos die blik waarin Daltè die Herero's sien vuurmaak het, van agter begin oprol, het dit weer warm geword in die woestyn. Daltè het langs die koue ashopie opgestaan en na die Boesmanwerf begin aanslenter. Hy het oor die duin geskuifel en skuiwend teen die volgende duin uitgesteier. Die werf het bo-op die duin gelê.

Die kinders het snaaks na die Ou Man Van Die Woestyn

gekyk toe hy moeisaam deur die wag-'n-bietjies struikel om te gaan rus.

Toe het die wind maar weer aan die sandduine begin torring-waai. En die woestyn was net soos gister en altyd . . .

ROY NIEMANN:

DIE MAN WAT GOD GELOËN HET

Daar was 'n man wat God geloën het.

Hy was eensaam omdat hy net twee dinge geken en begryp het: om te oorwin en te besit. Eenmaal het hy 'n vrou oorwin en met haar getrou en haar besit. Dit het hom groot laat voel soos wanneer hy 'n berg oorwin het, want hierdie man het 'n obsessie gehad om berge te oorwin. Berge — so het hy geglo — was God, en as hy God kon oorwin, sou hy alles oorwin het, en sou hy die allerhoogste wees.

Daarom het hy jaar na jaar nuwe berge gesoek om uit te klim, altyd hoër en gevaarliker berge as die vorige; ook omdat berge en God vir hom 'n uitdaging was. Daar op die hoogste pieke het hy die duiseling van grootheid ondervind en dronk geword van die oorwinning. Die nuusblaai van die hele wêreld het van hom geskryf en hy het saam met staatsmanne en mooi vroue aan tafel gegaan.

Terug by sy huis en sy vrou en tussen sy vriende het hy dan die vlugge gloed van grootheid in hom voel aangroei terwyl hy nog 'n oorwinning verhaal.

In hul kleinlikheid en soeke na 'n beliggaamde god het sy vriende hom verafgod, en hulself van sy oppermag toegeëien en belangrik gevoel. Hulle het hom nagepraat sonder om te dink, sonder om te verstaan, want dit het hulle vernaam en selfgenoegsaam laat voel.

Maar sy vrou het stil geword van die pyn, en haar oë het verdof en haar gees was onrustig in haar omdat sy hom liefgehad het en omdat hy 'n dwaas was. Eendag, het sy gedink, sal hy nie terugkom van die berg af nie . . . Die berg sal hom oorwin en hom teen die kranse afslinger. En dan sal my smart soveel groter wees, en my oë soveel dowwer van die pyn wat nooit sal ophou nie.

„'n Berg is 'n eensame ding,” het hy op 'n dag gesê. „Dis

asof sy stilte en meedoënlose oerkrag hom apart plaas van alle ander dinge. So moet 'n heerser wees."

„Berge oorheers nie die wêreld nie," het sy gesê. „God is die alleenheerser."

„Jou God is ook eensaam in Sy hoogtes, maar Hy oorheers nie die wêreld nie. Die mens is die alleenheerser. Bo die berge is daar niks; net die mens wat bereid is om sy krag te meet met dié van die berge sal ooit die oppermag oor die hele wêreld verkry."

„Wat van volke met hul verskriklike wapens waarmee hulle 'n hele wêreld kan uitwis?"

„Oppermag is nie net fisieke krag nie; dis ook 'n geestes-houding wat nie deur wapens of geweld vernietig kan word nie."

„Ek wens jy wil van jou berge afsien. Eendag sal hulle jou vernietig."

„Hoekom nie? Dis òf ek òf die berge. Ons kanse is ewe goed!"

En die vrou het die wanhoop in haar voel worstel om die oorhand te kry, maar daar het nog geloof, hoop en liefde oorgebly, al het hy dit nie geglo nie.

Die volgende jaar het hy sy laaste berg beklim. Hy het haar saam met hom geneem tot aan die voet van die berg. Dit was die hoogste berg in die wêreld.

Toe hulle die aand in die dorpie aan die voet van die berg gekom het, het sy opgekyk en gewonder hoe hoog God 'n mens sou toelaat om te klim. Sy het gewens dat dit moes dag word sodat sy die berg se hoogste piek kon sien. En toe het sy plotseling gewens dat die berg in die nag moes verkrummel, wegs melt en hulle saam moes oordek.

Daardie aand het hulle saam met die herbergier en 'n paar jong, lewenslustige bergklimmers in die eetkamer van die 'gast-haus' deurgebring. 'n Groot vuur het in die vuurherd gebrand. Almal het gelag en gesing en geskerts, net sy was stil en bleek, want die groot, swart skaduwee van die berg het oor haar geval en haar beknel. Hulle het baie bier gedrink en aan langsteelpype gesuig, en hulle was vol selfvertroue en grootheidswaan soos gode.

Net voor hulle gaan slaap het, het hy haar na buite geneem.

Die maan het helder geskyn en die wolke het hoog om die sneeubedekte pieke saamgepak gehang.

„Dis my laaste berg,” het hy halfbesope uitgeroep en 'n wye swaai met sy arm gemaak sodat die bier oor die rand van die beker gestort het. „As ek hierdie berg oorwin, bly daar niks meer oor om te oorwin nie. Dan het ek alles oorwin!”

Vir 'n oomblik het hy roerloos gestaan en terwyl hy na die berg gestaar het, het sy oë vernou en hy het liggies gewieg. Dit was asof daar 'n rilling deur sy liggaam getrek het. Toe het hy haar teen hom aan gedruk soos een wat baie eensaan is, en haar hart wou breek van liefde en angs, maar sy kon niks sê nie. Want in daardie vlietende oomblik was hy verder van haar as ooit tevore en die groot, swart skaduwee van die berg het haar verstom.

Die volgende môre toe sy wakker word, was hy reeds weg. Sy het voor die venster gaan staan en na die berg gekyk wat so hoog en stil en donker was. Sy kon haar man nie sien nie en dit was asof die berg hom alreeds van haar geneem het.

Haastig het sy haar toe geklee en na die kerk in die dorp gehaas om daar te bid. Maar toe sy daar kom, was daar niks om te sê nie. Daarom het sy maar net gesit en wag in die groot stilte van die gebou.

Die man wat God geloën het, het sy moeisame kruisweg na die hoogste piek uitgekap. Die stryd was taai, maar elke tree het hom nader gebring aan die kruin en die uiteindelijke oorwinning. Sy opgewondenheid en gesedrif het saam met hom teen die kranse gestyg.

Hy het nie die pyn in sy liggaam gevoel nie; die bloed het teen sy bene en hande droog geword en die sweet het soutkolle op sy klere gemaak. Maar sy krag was bo-menslik en hy was nie bewus van die beperkinge van die liggaam nie. Soos God was hy net gees.

Teen die einde van die tweede dag het hy die sneeugrens bereik. En daardie aand het hy in die deur van die verlate berghut gesit en uitstaar na die wit massa wat tussen hom en die hoogste kruin gelê het. Die sneeuglans was ligblou en iewers het 'n sneeuhoender geskree. 'n Wêreld se eensameheid het op hom toegesak en vir 'n oomblik het hy so klein gevoel

en so intens verlate. En daar was die leë nag en die weemoed wat kom as 'n mens iets vir die laaste maal doen. As sy vrou maar by hom was . . . as sy vriende maar met opgehefte gesigte sy tog teen die laaste gedeelte kon volg . . .

Die gedagtes het hom met ongeduld vervul. Hy het opgespring en met bitter animo sy sneeupik en toue opgeraap. Toe het hy die gladde maagdelikheid van die sneeuvelde betree.

Ure daarna was sy sneeustewels stukkend en die koue het sy tone gevreet sodat hul gepyn het, maar hy was haastig om bo te kom en daar te staan met die hele wêreld aan sy voete en sy hoof tussen die sterre.

Stukke ys het onder hom padgegee en na benede gewarrel. Die yslaag was glad en sy voete het gegly sodat hy telkens slingerend aan die styfgespanne tou gehang het. Hy moes krampagtig vasklou sodat sy naels afgebreek het, en die sneeu is met donker bloedkolle bevlek. Sy voorkop het teen uitstaande rots- en yspunte geskuur en die bloed het teen sy gesig afgeloop, en daar was bloed aan sy hande en sy voete.

Sy kragte het vinnig afgeneem. Dit was nog net sy gees wat teen die sneeuwand vasgeklou het, doelbewus en desperaat. Sy arms was wyd uitgesprei en sy hoof het vooroor gehang soos een wat gekruisig is. Vir een oomblik het die nag weggeskuif en hy het die kruin groots en majestueus sien skitter in die son soos soveel male tevore. Die sagte bergwind was teen sy gesig en die los misnewels het die vuur in sy liggaam laat kwyn. En 'n dardelheid het soos 'n getybrander in hom opgestorm en in sy ore gedin.

Toe het die vastigheid onder hom padgegee. Die tou om sy lyf het styf gespan en gebreek.

„Here!” het hy uitgeroep. En „Here!” het dit deur die nag weergalm. Vir die eerste keer in sy lewe was dit nie net 'n kragwoord wat hy geuiter het nie; nie slegs 'n uitroep van verontwaardiging of verbasing nie. Dit was 'n gebed, 'n desperate smeekroep om gered te word van die onvermydelike en vreeslike oomblik van waarheid . . .

Sy vrou was daar toe hulle sy gebreekte liggaam teruggebring het. Sy kon nie huil nie, maar sy wou lag omdat die groot spanning eindelijk verby was.

En toe sy vriende daarvan gehoor het, het hulle hul hande saamgeslaan en soos hy het hulle die vastigheid onder hul voete voel padgee. Vir een vreeslike oomblik het hulle onseker bly hang en toe het hulle begin val en val . . .

A. J. B. RAWLINS:

SMOUS

*Met twee mandjies aan 'n bamboesstok
oorlaai met verlepte groente
uit 'n spoorwegtrok,
spreeu hy dunbeen na die agterstoep:
en hurkend in die koelte van die muur
kla hy, alles op die mark is skielik peperduur.
Hy weet nie hoe die mens nou gaan leef,
selfs hy voel die knyp — sy stem die beef.*

*Laat vannag, as die polisie wagstaan buite
in die straat,
dan sluip sy gulsige gedagtes na pronk woonstelle
in 'n blanke buurt.*

'N KLUIT IN DIE RIET

I. André P. Brink skryf:

In sy artikel oor *Die kunstenaar en die modernistiese kuns* (September 1961) gebruik Abraham Fouché 'n (tog seker ironies bedoelde) uitspraak van Just Havelaar as voorwendsel om "'n beter begrip te bekom van die kousale faktore betrokke by die ontstaan van moderne kuns," wat hy hoofsaaklik doen in die vorm van "'n sketsbeskrywing van die ontstaan en verloop van die moderne kuns." Dis 'n lofwaardige doelstelling, maar die leser het seker die reg om by so 'n artikel te vra: Wat nuuts kan jy my vertel by al die honderde boeke wat oor dié onderwerp beskikbaar is? Want so 'n artikel kan alleen bestaansreg hê as hy iets oorspronklik bring t.o.v. interpretasie, vergelykings en ontleding, die vasstel van lyne en aanknopingspunte, of t.o.v. sy grondigheid en openbarende vermoë.

Nou moes ek my ten eerste afvra: hoeveel waarde kan mens heg aan die beskouing van 'n skrywer wat nie eers die name van die kunstenaars na wie hy verwys, kan reg spel nie? — Baudelaire word *Beaudelaire*; Guillaume Apollinaire word *Guilleaume* . . . ; Bertolt Brecht word *Bertold* . . . ; Ionesco word *Inesco*; Gustave Courbet word *Gaustave* . . . ! Daarby vertaal hy *La cantatrice chauve* (*Die kaalkop-sangeres*) met *Die kopbaarlose dame*.

Uiteindelik sluit hy af met 'n vertaling van Paul Éluard, as voorbeeld van wat hy as surrealisme karakteriseer: "dagdromery (wat) sonder preutse belemmering of morele remming uit (die) onderbewuste opwel." Dit gee wél 'n vlugge indruk van Éluard se kuns, maar suggereer daarby 'n ordeloosheid, 'n sin-loosheid, wat gewis 'n verkeerde opvatting is — en wat veral nie rekening hou met dié suiwer digter se vormende vermoë en klankbeheer nie (wat in 'n vertaling noodwendig verlore gaan).

Hierdie soort instelling kenmerk sy hele beskouing oor die surrealisme: wel seker, dit hou met dada verband — maar dit word nie gedefinieer in terme van dadaïsme nie; dit dra die

mantel van dada — soos Katherine Mansfield dié van Boccaccio as een van die eerste "kortverhaalskrywers" dra!

Dit geld ook sy verwysing na Ionesco wat in *La cantatrice chauve* werk met die mens se onvermoë om te kommunikeer.¹ Hy het natuurlik gelyk, maar hy gee te kenne dat dit 'n verskynsel is wat juis "getrou aan die dadaïstiese formule" is, asof dit nie 'n sentrale probleem in die letterkunde was lank vóór die verskyning van dadaïsme nie.

Wel seker is daar ook verwringing in die moderne kunste — maar dit geskied nie alles so humorloos, in so 'n nagswarte erns, in die nagmerrie-opgeslotenheid (Fouché sê "skrikgedrogtelik") wat in dié artikel "introversie" heet nie: hierdie kunswerke is ook wyer, ruimer, mensliker as wat hy dink (of as wat hy gelees het . . . ?) Sy hele instelling is eintlik dat modernistiese kuns "malkuns" is, wat "voorkom" as mistieke denke en wat die arbeid is van die "gewone kunstenaarstipe" wat "gewoonlik" 'n "introverte tipe mens" is. Só maklik kom mens daar nie verby nie.

Ek het groot waardering vir sy mooi uiteensetting van die psigiëse oorsprong van die heel besondere neiging tot primitiwiteit by die moderne kunstenaar. Maar ek het dit daarteen dat hy dit so selfvertrouend aanbied as enigste oplossing, as eerste en laaste woord, ja en amen, ik-heb-gezegd. Ek beny hom sy sekerhede, sy duidelike onderskeidinge, sy vermoë om te klassifiseer, te groepeer, te rangskik, en elke verskynsel sy etiketjie om te hang — Q.E.D. — soos dit in honderd ander boeke (en dikwels beter) al gedoen is. Ek kan daarom geen regverdiging sien vir sy artikel nie: dit lei tot niks, openbaar niks (behalwe die vermelde ontleding van die ontstaan van die primitiewe voorwerpverhouding), *vertolk* niks. Dit disait tout ce qu'il veut, mais malheureusement il n'avait rien à dire . . .

* * *

¹ En só simplisties is dit óók nie!

'n Mens sal die moderne kuns nooit kan benader sonder om eers te onderskei tussen wat Just Havelaar in Fouché se aanhaling "schilderende, schrijvende en musicerende lieden" noem en kunstenaars nie. (Fouché beskou hulle as dieselfde.) Die eerste groep is 'n openbaring van die armes wat ons immer by ons sal hê, en wat altyd 'n oorwig oor die kunstenaars vorm: elke geslag bring hulle in nuwe gedaante na vore, rysmiere na reën-buie, omdat hulle seer modebewus is: vanslewe het hulle in rymende koeplette briewe geskryf, of "volksversies" geskrywe, geboortes en huwelike en sterftes op rym bejubel of begrens; of "vaderlands" gepredik of geprofeteer — steeds op rym, na vaste maat en slag. In Suid-Afrika het ons Patriotters land en sand in strofes ingedeel; daarna oor die Engelse Oorlog gesing agter die Driemanskap aan — en hulle soms agter hulle self aan; en I. D. du Plessis het naartig Dertiger probeer bly; vandag skryf ons versdramas, of romans oor die kleurvraagstuk of die Groot Trek . . . Ons "hou by"; ons laat die rokke op of af soos Dior voorskrywe, bou Boesmantekeninge bo ons kaggels in, gaan na kunstoontellings en praat saam en koop af en toe die "modernste" wat ons gewaar — 'Oh my dear, it's absolutely *shockingly* modern' —, gee ons kinders van hul botteldae af sekonderrig, gesels oor die Kongo en die stadsewe, en lewer betoë oor kernfisika en projektele. En hoekom nie? Die kunstenaar op die voorpunt maak mos so — en ons kom agterna. Dis die beloop van die lewe.

Miskien is dit ook nodig: blyke, wie weet, van die deursyfer van die kuns van die bergtoppe na die valleie ónder.

Die enigste gevaar is: ons moenie in die klippe hier vóór ons vasky en dit vir Alpepicke aansien nie. Die "oningelige publiek" begaan noodwendig soms foute; die "ingeligte" kritici insgelyks: en noem 'n man 'n kunstenaar as hy maar een van die "schilderende, schrijvende en musicerende lieden" is: maar dit verander aan die probleem, en aan sy belangrikheid, nog niks.

Laat ons dan aanvaar dat elke tyd vir hom modes skep, waaraan die kunstenaar nie soseer meedoen nie, as

waartoe hy meewerk. Die verskil lê dan ook presies daar: hy, die kunstenaar, wys die pad aan; die aficionados volg.

Ook: die kuns loop, van één (miskien beperkte) standpunt gesien, in 'n sig-sag-beweging, slinger pendulegewys van kant tot kant op soek na die voortdurend verskuivende (maar noodsaaklike) ewewig. (Hy is die uitverkorene tot pad-aanwys; die Carlyleaanse vates sien hom moontlik te heroïes, maar oor sy geroepenheid kan ons nie stry nie.) En dis te begrype dat die kuns grense het, in elke geslag — en dat daar sommige is wat dié grense oorskry. (Hulle is óók noodsaaklik, omdat hulle die moontlikhede, die ruimtes én beperkinge van media, tye en verhoudinge verken.) By hulle kom die kunstenaar se besetenheid soms tot fanatisme — maar dis 'n krag wat uiteindelik die goeie skep, juis omdat die pendule ver móét terugswaai om balans te bring na 'n teenoorgestelde beweging. Daarom kry ons die vernietigende instelling, die nihilisme van — byvoorbeeld — dadaïsme. Maar ná hierdie "verkenning," hierdie "eksperiment," kies die kuns, en daarmee die kunstenaar, vanself sy nuwe koers, ewewigtig tussen die gevare deur.

Tot dusver dan het ek probeer aandui: 'n éérste onderskeiding is nodig — tussen kunstenaars en pseudo-kunstenaars (wat nêr maar om die mode werk, en om die skilderye se hoë pryse — én omdat die abstrakte kuns, om één te noem, hom leen tot oëverblindery bv die publiek, soms); en 'n tweede onderskeiding — tussen die eksperimenterende kunstenaar wat deur eksesse die moontlikhede van 'n weg, rigting, of medium aandui en die groot vormkunstenaar wat die nuwe orde skep. (Dis natuurlik moontlik dat dié twee mag saamloop in één groot figuur: Michelangelo, Picasso, Joyce . . .) * * *

Van hierdie laaste besluit kan 'n mens nou verder gaan, en nou eers vra: hoekom is die moderne kunstenaar dan "anders" as sy voorganger? Abraham Fouché sê: omdat hy 'n introvert is, en geskok deur die omwenteling van ons tyd.

Die moelikhed met so 'n uitspraak

is: jy kan nie sê dat dit verkeerd is nie; maar dis ewe min *waar*.

Ten eerste is dit nie so maklik om maar alle kunstenaars introverte te noem en dit dan psigologies te verklaar nie. Is die moderne kuns soveel anders as enige ander . . . ? (Fouché gee juis 'n rits name van kunstenaars vanaf Donne, Shakespeare e.a. wat soms surrealistiese terrein betree¹ — en maak, sonder om dit skynbaar in te sien, sy eintlike betoog daarmee vankant.)

Dié vraag sal ons óók eers kan antwoord nadat ons besluit het: *wat is in elk geval dan die taak van die kunstenaar?* Waarop ek geen afdoende antwoord kan gee nie, omdat wyser mense as ek dit al vergeefs aangedurf het. Eén moontlikheid is: die kunstenaar is geroepe (deur God, of deur tydsgerig, of deur psigologiese samestelling, hoe mens dit ook wil beskou) om as mens tussen mense te lewe — en te sê wat hy lewe. Hy is introvert en dus "geskei" van sy ewenaaste; maar hy is op 'n onbepaalbare manier in uiterste sin ook verbonde aan die mensdom (omdat nét introversie 'n sieklike ding is) — miskien bloot omdat sy eerste eis eerlikheid is; en as hy as mens, uit homself, eerlik sê, dan moet dit ook sy ewenaaste raak wat óók in eerste en laaste instansie *mens* is. Dus, moontlik: 'n kenbaar-maak van die oënskyklik verwarde; 'n kenbaar-maak wat dikwels in die teken staan van: die relatiewe blootlê van wat té gemaklik as absoluut ervaar word; en terselfdertyd die vermoë-tot-absoluutheid *binne* die relatiewe. ('n Gerieflike voorbeeld, omdat dit ook simplisties verduidelik kan word: Totius se kunstenaarskap.)

Soos die mensdom verander ("ontwikkelt"?), nuwe terreine betree, so moet die kunstenaar die nuwe kenbaar maak, die lewe meer draaglik; dis 'n troos en 'n agonie²). Daarom worstel die kunstenaar voortdurend met sy medium, omdat die medium voortdurend aangepas moet word by nuwe — dikwels groter — eise en omstandighede. Hoe gewiger dié worsteling, hoe meer word die kunsbelewer daardeur voor sy eie menslike afgronde gestel; en hoe hartstogteliker, gruweliker die kunstenaar sy mediumworsteling verbind met 'n persoonlike en persoonlikheidsworsteling, hoe meer hy

afdaal in 'n hellevaart van homself om orde uit die chaos te bring, hoe "universeler" spreek hy. Dán kry die mensdom Dante, Rembrandt, Beethoven, Dostojefski, Picasso, Joyce. (En Picasso, onthou, is 'n "introvert," "raak gou uitgeput," "wend vrugtelose pogings aan" om hom te "verdedig" teen uiterlike voorwerpe! Sic!)

Elke kunstenaar reageer dus op sy tyd — omdat dit al is wat hy ken — en uit die interaksie skep hy sy kuns. (Dit klink hier natuurlik veel fasieler as wat dit is!) Fouché se grondige uiteensetting van die psigiese prosesse wat gepaard gaan met introversie, is verhelderend; maar hy sê: so en so gebeur dinge, is dinge; en vergeet daarmee dat een mens anders is, en daarom ook anders reageer op dieselfde prikkels. Toynebe se "challenge" lok by elke nuwe mens — óók daarom by elke nuwe kunstenaar — 'n ander "response" uit. En soms twee, drie, 'n honderd verskillende reaksies by een-en-dieselfde kunstenaar. Dáárom kan Picasso óók "realisties" wees as hy wil; daarom is hy nie áltyd kubis, primitivis, surrealis nie. Daarom kan daar in die poësie náás Apollinaire ook Valéry bestaan; naas Van Wyk Louw ook Blum; in die prosa naas Beckett, Mulisch e.a. ook Marguerite Duras, Anna Blaman, e.a.; in die drama ook Anouilh, Giraudoux e.a. náás Ionesco, Genet, Brecht; naas die uiterste "abstrakte" ook die uiterste "naturalisme"; naas die "modernistiese" ook die meer tradisionele — en elk adekwaat, en gelyktydig adekwaat, want Motherland "beteken" *vandag* ewe veel as Ionesco, is ewe "modern."

As "modernistiese kuns" dui op verskillende eksperimentele rigtings, het ek daarmee vrede. Maar ook dán moet daar oor "eksperimenteel" besin word³ — want geen geslaagde kunstwerk kan ooit "eksperimenteel" wees nie.

As die term egter dui op "kuns van ons tyd," dan is dit eensydig en skeef om dié kunsuiting met 'n ander maat te meet en deur ander oë te betrag as enige kuns: want elke kunstwerk is in 'n belangrike opsig 'n poging op homself, in homself, élk werk met die onbekende, élk werk met die verhouding binnelewe-buitelewe; en verskrikking of verwringing is nie die prerogatief van ons tyd nie — tensy ons

Villon en Jeroen Bosch as kontemporêr beskou.

* * *

Uiteindelik: ek het nou al meermale my waardering vir Fouché se naspoor van die oorsprong van die primitiewe in die moderne kuns betuig. Maar dit beteken óók nie dat sy interpretasie alfa en omega moet wees soos sy versekerde psigologiese analise suggereer nie. Miskien is daar 'n ánder moontlikheid, nog wesenliker: 'n ander rede waarom die kunstenaar vandag so dikwels sy motiewe en inspirasie, ook sy konfrontasie met sy wêreld, by die primitiewe vind. Dis nie 'n alleenstaande verskynsel nie — nie die monopolie van die "introvert" nie. Ek sou onder meer dié benadering voorstel:

Die mens bly mens (dus: *is* mens; handhaaf homself *as* mens) omdat hy kreatief kan staan en ordenend kan optree ten opsigte van 'n buitewêreld wat as 'n nimmer eindigende reeks uitdaginge na hom kom. Die vroeë mens is bedreig deur koue — hy het vuur en klere as antwoord gevind; deur vyande — hy het wapens gebruik; deur siektes — hy het remedieë aangewend en die geneeskunde ontwikkel. So kan mens voortgaan. Hoofsaak is: die mens ken nie voortdurende ewewig as staat nie — dis hom wesensvreemd. Hy leef alleen, is alleen, omdat hy in voortdurende stryd lewe, en omdat hy deur die stryd homself as mens kan *ken*, hom aan homself kan *openbaar*. Die stryd is dus 'n manier om homself ten opsigte van self en wêreld te oriënteer.

Maar hoe meer remedieë die mens vind, hoe subtieler word die stryd. Vandag kan die mens binne 'n dag van vasteland na vasteland reis; sy bestaan is beveilig, gerieflik, rustig. Daar is al minder opvallende noodsaaklikheid vir stryd.¹ Daardeur ontstaan die gevaar dat sy beskawing sêlf sy vyand kan word, dermate 'n verdowningsmiddel kan word, dat die lewe geen uitdaging ooit inhou nie, en die "wesentliche lewe" gevaar loop om versmoor te raak. Nou red hy homself deur ál verder grense te verken, die onbekende as't ware *tegemoet* te gaan,

strydend. (Alle mense kan dit nie doen nie — ons kan nie almal reisigers of kunstenaars wees nie! Maar die enkeling doen dit, by die grasiae Gods, vir die mensdom — soos dit altyd die enkeling moet wees wat vir die massa gekruisig word: dáár lê onder meer 'n grond vir die tragiese; en die tragiese is ons *condition humaine*.) Een man klim Everest uit, 'n ander daal in 'n batisfeer die see in, of deurreis die Amasone, of Afrika; of vaar in 'n satelliet deur die ruim. Of soek deur die liefde — deur die geslag, wat aan die oerdriftige verbonde is — die aanraking met die eerste bron. Of skryf 'n gedig, 'n lied, maak 'n skildery of beeldhouwerk: en omdat die primitiewe kuns 'n uiting is van 'n ongedifferensieerde bestaan in nou aanraking met die driftige natuur, die bonatuurlike . . . met alles wat primêr, elementeel, oerkragtig is — dáárom wend soveel kunstenaars hulle juis tot hierdie motiewe. Want die kuns is één mag om die mens aan die "lewe" verbonde te hou, en hoe verder die beskawing wêgbeweeg van daardie primêre bestaan, hoe hewiger moet die kunstenaar dit juis bloot lê.

Ek bied dit nie aan as eerste en laaste verklaring nie — so vermetel durf ek nie wees nie — maar as *moontlikheid*; en met die één oortuiging wat mens by die beoefening en betragting van kuns altyd opnuut oorweldig: dat nederigheid die enigste sleutel tot die kuns — en die lewe — is.

1 Hy het natuurlik hierin heeltemal gelyk, maar hy omskryf nie hierdie "surrealisme" nader nie, en vergeet bowenal dat die term vir meer as een betekenis vatbaar kan wees. Anders kan ek ewe maklik sê: Shakespear was impresionis; of ekspressionis; of naturalis — en dan bring dit ons nog niks verder nie.

2 Ek is vanselfsprekend nie hier "wetenskaplik" nie; maar die irrasionele is m.i. in die kuns nog steeds hoogs belangrik, en is daarom ook nie vir rasionele interpretasie vatbaar nie.

3 Hieroor word 'n ander artikel gepubliseer, later.

4 "Opvallend," want die noodsaaklikheid self is altyd daar — dis net op die oppervlak dat dit verander.

Abraham Fouché antwoord:

Ek het my artikel Kunstenaar en Modernistiese Kuns nie volgens die resep van Mnr. André Brink geskryf nie; dit het gevolglik soos 'n betonblok op sy tone geval.

Mnr. André Brink toon 'n merkwaardige afkeer in die onderindeling van feite te hê veral wanneer sodanige indeling serebraal geskied. Daarom dan ook dat hy dit nooit sal insien dat die waarheid 'n veelkantige kristal is en dat ek slegs twee van die fasette daarvan, naamlik die geskiedkundige verloop van modernistiese kunsuitinge en die primêr-funksionerende kunstenaarstipe, wat dié soorte kuns produseer, in my artikel behandel het. Sy onvermoë, in die verband, is egter begryplik wanneer ons in gedagte hou dat surrealisme 'n ontmeeganisering van kubisme is. Ook kan begryp word dat Mnr. André Brink premisse uit my artikel kan voort-tower, hulle rangskik na willekeur, allerlei gevolgtrekkings daarvan aflei, of dit nou deur die voorgaande premisse gewettig is al dan nie, alles met 'n groot vertoon en omhaal van woorde wat kenmerkend is van die surrealistiese dialektiek wanneer 'n poging aangewend moet word om wrywing tussen fantasie en feit te versag. Dink maar aan die bizarre uitrusting van die toordokter, waar dieselfde verskynsel op sy elementêrste vlak waargeneem kan word. Dog, al hierdie soorte optrede is begryplik wanneer daarop gelet word dat dit plaasvind konform die tonaliteit van 'n primêre aanpassings-gesteldheid wat gewoonlik wortel in die fantasie-magoria van Freud.

My stuk is 'n blote feite relaas sonder om te moraliseer of om op enige van die vele estetiese teorieë wat daar bestaan in te gaan.

Omdat ek nie my artikel, Kunstenaar en Modernistiese Kuns, volgens die resep van Mnr. André P. Brink, geskryf het nie het dit soos 'n klip op sy toon geval. Die gevolg daarvan was dat hy op sy perdjie spring, soos mens maar altyd doen as jy nie grond onder jou voete het nie. Daarenboue het my stuk sy ortografiese gevoel geweld

aangedoen. Nietemin vind ek dit onbegryplik en puurlied van hom om te impliseer dat geen waarde geheg kan word aan 'n artikel waarin bv. name soos die van Gustave Courbet en Bertold Brecht gespel is soos dié kunstenaars dit self gespel het en nie soos hy, Mnr. André P. Brink, verkies om dit te spel nie.

As ek die ruimte van 'n hele boek tot my beskikking gehad het, kon ek breedvoerig op al die punte wat Mnr. Brink in sy sensuurskrif ophaal voortborduur, maar my doel was slegs om 'n beskrywing van die primêrfunksionerende oftewel kunstenaarstipe te gee en daarby die verloop van modernistiese kuns te skets.

Ek sou graag by my gewraakte artikel die estetiese van Picasso wou genoem het, nie slegs omdat Mnr. Brink, Picasso in een asem met Michel Angelo noem, of omdat Dali hom beskryf as die voorloper in die moderne beweging van hoegenaamd niks moois voortgebring het nie, maar omdat hy die blinkste boegbeeld op die see van die moderne kuns beskou word. Picasso sê: "Art is not the application of a standard of beauty, but what the instinct and brain conceive beyond any standard." . . . Dit tref my as mistieke jargon, 'n verklaring van 'n poging om binne die perke van chaos 'n surrogaat vir iets lewends daar te stel, of geld sulke produkte as groot omdat hulle ons geen begripswaarde bied nie? Goethe het iets daarvoor in die volgende twee versreëls gesê:

"Ihr erzeuget nicht das Leben,
Leben erst musz Leben geben."

Abstrakte kuns is in sy kern 'n lewensontvluggende reaksie.

Eendag wanneer Mnr. Brink die honderde boeke oor kuns waarvan hy praat klaargelees en verteer het, moet hy ook 'n boek oor logika lees, want hopelik sal hy dan beseft dat 'n *argumentum ad hominum*, hoe breedspreekig ook al opgestel, meesal camouflaasje is uit 'n gebrek aan moed om tot die kern van 'n omtrede stelling deur te dring.

II. F. A. Venter verweer:

Nog nooit het ek kritiek op my letterkundige werk probeer beantwoord nie omdat ek glo dat die skrywer vir wie ons Afrikaanse prosa erns is, opregte en gesaghebbende kritiek — hoe skerp ook al — ter harte moet neem en oppervlakkige en soms moedswillige kritiek maar moet verduur.

Wanneer my werk egter op grond van valse norms en skynbaar gebrekkige begrip veroordeel word soos deur A. Alberts in u uitgawe van Desember 1961, dan moet u my vergewe as ek ook 'n stoel optel, nie ter wille van eie huid nie, maar ter wille van Afrikaanse prosa as sodanig.

Alberts betoog dat daar in *Geknelde Land* ernstige etiese insakkinge is en sy vernaamste aanleiding is dat die hoofkarakter, Rudolf Dreyer, oor die grens trek sonder dat hy sy skuld aan die geldskietter Greyvenstein betaal het.

Die hedendaagse Afrikaanse prosa-skrywe kry dit so hotagter dat hy minstens die reg het om te verwag dat sy werk sekuur gelees sal word, ook wat die dieper implikasie betref. Het dit Alberts dan ontgaan dat Rudolf Dreyer vir Grensplaas, die kosbaarste wat hy besit het, aan Greyvenstein afgestaan het in ruil vir sy skuld? Of is dit, volgens Alberts eties onvoltoende?

Hierdie onbesonnenheid is eintlik die minste. Wat 'n mens koorsig maak, is Alberts se vereiste resep, sy voorgeskrewe bestanddele vir die volmaakte historiese karakter: eerlikheid, Christelike plig, etiese agtergrond, onkreukbaarheid en al die vereistes van die Christelike estetika, ens. Alberts se „romanheld” moet 'n „beginselvaste, vrome, stoere, sobere, strenggereformeerde baanbreker” wees. Hy moet bowendien 'n „prototipe” wees.

As Alberts dus ooit 'n roman sou skryf, sou sy „romanheld” bepaald 'n vlekkelose „prototipe” wees wat eintlik hink van sondeloosheid en so onbesproke eties dat hy nie eens sy velskoene in die openbaar sal uittrek nie. Hierdie soort held sal in elk geval as mens veel oninteressanter en as persoon veel afstootliker wees as die tollenaar by wie Christus gaan eet het!

Normale etiese oorwegings in 'n

historiese roman soos *Geknelde Land* is 'n elementêre vereiste, maar wanneer Alberts etiese en godsdienstige oorwegings in die prosa 'n middel tot 'n doel wil maak, om 'n bepaalde prototipe te skep wat ontdoen is van ingebore menslike swaakheid; wanneer hy ewewigtigheid wil uitwis ten behoeve van sekere buite-vereistes; as hy hom sodoende wil terugvoer na daardie haatlike tendens-prosa wat genadiglik haas vergete is, dan word sy voorskrifte gevaarlik en verwerplik en dan word hy as prosakritikus 'n nul op 'n kontrak.

Dit is bedenklik dat iemand wat hom as letterkundige ontleder uitgee 'n vooropgesette etiese patroon vir die prosa wil kom voorskryf, juis in 'n tydperk wanneer 'n aantal jongeres so hard probeer om los te ruk uit die bevangenhede wat ons so lank ingekluister het. Hy wil ons terugvoer na die tydperk van slaafse bevangenhede, sy dit volks, godsdienstig, sosiaal, of wat ook al.

Ek weier om my deur Alberts, of wie ook al, te laat gesê met watter klaargekapte mate, met watter uitgeknipte buustevorms ek te werk moet gaan wanneer ek lewe probeer skep.

As 'n Voortrekker weens innerlike of uiterlike mag 'n skelm, of 'n godloëner of 'n sosiaal-verwerplike word, wat daarvan, solank die proses menslik en suiwer is.

Mag die hemel my bewaar vir die „prototipes” en mag dit my bloot gegun word om karakter te skep. En die „romanheld”? Dié is so uitgedien soos Alberts se letterkundige begrippe. Dit is my nie te doen om helde nie. Dit is my te doen om *mense*. Juis omdat hulle mense was, volkome en goddelik mense, is die Voortrekkers so onvergeetlik. Hulle was dapper en lafhartig; hulle was groot en hulle was klein; hulle kon twis en hulle kon saamstaan. Daardeur het hulle ons onverganklike liefde en eerbied verwerf. Omtrent die grootste ondies wat hulle aangedoen kan word, is om hulle in Alberts se „Christelike-estetiese” dwangbuise te gaan forseer.

Nee, as Alberts wil hê ons moet tendens-traktaatjies oor die Voortrekkers skryf, dan moet hy by 'n ander

oord gaan aanklop.

Les bes, waarom my so bombardeer? Soos die Engelse sê, hy staar hom so blind op die boom dat hy die woud nie gewaar nie. Alberts word glad koorsig oor die onhebbelike *Geknelde Land*. „Kuns en sensasieëlkultuur” word daarin verwar; daar is „n verbandlose mengelmoes van goed en kwaad; daar is „n gebrek aan onderskeid tussen heldedaad en misdaad.” Hy voer sy bedenkinge na ’n histeriese klimaks: . . . ek (vra) Frans Venter om sy roman, voordat dit vertaal word, oor te skryf, en die internasionaalvolkslasterlike implikasies te sensureer” — wat dit ook al beteken.

Om te dink dat die S.A. Akademie vir Kuns en Wetenskap o.a. aan so ’n roesemoes die Hertzogprys vir Prosa gaan toeken het! Ons hoogste letterkundige instansie het dit gewaag om aan ’n werk met soveel ernstige etiese gebreke die hoogste letterkundige prys in Afrikaans toe te ken.

Alberts antwoord:

Venter se polemieëk beslaan honderd getikte reëls. Daarvan is sewe reëls ter sake. Drie-en-neëntig reëls het niks met die etik van sy boek te doen nie. Dit handel oor my, en oor die Akademie. Dis net stof wat hy opskop om die aandag van die kernpunt af te lei. Hy verdraai my bedoelinge en lê my ’n klomp onsin in die mond. Miskien hoop hy dat ek my self sal verdedig, en sodoende van die kern sal afdwaal.

Ek beperk my by die sewe per sent van sy polemieëk wat na die saak verwys. Dit lui:

„Alberts betoog dat daar in *Geknelde Land* ernstige etiese insakkinge is en sy vernaaamste aanleiding is dat die hoofkarakter, Rudolf Dreyer, oor die grens trek sonder dat hy sy skuld aan die geldskietier Greyvenstein betaal het . . . Het dit Alberts dan ontgaan dat Rudolf Dreyer vir Grensplaas, die kosbaarste wat hy besit het, aan Greyvenstein afgestaan het in ruil vir sy skuld? Of is dit volgens Alberts eties onvoldoende?”

Ruil is alleen wettig, en moreel, wanneer albei partye tevrede is, en vrywilliglik ooreenkom. Greyvenstein

Wat my verbaas, is dat Alberts so ’n ernstige oordeelsfout ongestraf laat verbygaan. Die Akademie is tog van veel meer belang as die skrywer. As Alberts die Akademie nie betig nie, sou hy sy lig as skerpsinnige beskermer van ons kunswaardes versuim.

Of kan dit wees dat die Akademie ander maatstawwe gebruik as kritikus Alberts?

Die Afrikaanse mens moet ook ’n groot voorliefde hê vir die onetiese in ons prosa, want *Geknelde Land* nader sy vyfde druk — oplaag binne ’n raps meer as ’n jaar. In die omstandighede sal ek die werk liever nie oorskryf nie. Netnou hou die mense nie van Rudolf Dreyer as ’n prototipe en as ’n romanheld nie.

Ek is pynlik bewus van al die gebreke in *Geknelde Land*, maar as ek boonop die gebreke moet invoer wat Alberts voorskryf, dan hou ek liever op met skryf.

was egter nie tevrede om ’n verwoeste plaas, wat die eienaar self nie meer wil hê nie, in ruil vir sy kontantgeld te aanvaar nie. Greyvenstein noem geldige redes vir sy weiering, en beroep hom op die gereg. Toe word hy met die dood gedreig. Hy word gedwing om ’n dokument te teken. Sy hand word aan sy been vasgemaak, sy mond word toegestop en hy word deur Meester gevange gehou totdat die skuldenaar oor die Oranjerivier gewyk het. Hierdie feite staan op bladsye 307-310 en 328 van *Geknelde Land*. Ek haal net sleutelsinne aan:

„Dit snyt my, Greyvenstein,” sê Meester, „maar jy gaan my gas op Grensplaas wees tot die Dreyers en hulle mense oor die Oranjerivier is.”

„Ek waarsku jou, Greyvenstein, ek is gewapen . . .”

„Jou skurk!” sis die geldskietier. „Gaan sit op daardie kis, Greyvenstein . . . Ek skiet net een skoot.”

Meester skryf daarop ’n dokument en

Toe dwing hy vir Greyvenstein om sy naam daarby te teken . . . „So, nou is Grensplaas aan jou afgestaan, Grey-

venstein — voor getuies. Net om te verbinder dat jy 'n ontydige hoofsak maak, hou ek jou gevange totdat hierdie goeie mense buite jou bereik is . . ."

Daarop vlug die hoofkarakter oor die grens. Meester sluit oorkant die rivier weer by hom aan, en dan:

„En jy't hom die hele tyd gevange gehou, Meester?" vra Hendriena.

„Die hele tyd . . . Wanneer ek iets vir die pot gaan skiet het, het ek sy mond toegebind en sy regterarm aan sy linkerbeen vasgemaak . . ."

„Dankie, Meester," sê Rudolf.

Hierdie vyfdubbele misdaad noem Venter *ruil*, en sê „Dankie, Meester" daarvoor. Ek noem dit gewapende roof.

Mnr. Venter vra of hierdie „*ruil*" eties onvoldoende is. Dit is immoreel volgens die wette van die etiek, en onwettig volgens die wette van ons Republiek. Dis sonde volgens die Agste Gebod. Dit was ondenkbaar volgens die sedes en godsdiens van die Voortrekkers, en 'n oortreding van die Kaapse wette. Dis histories vals.

My beswaar is egter nie dat hy die slegtighede van sy karakters beskryf nie, maar wel dat hy dit onbestraf verheerlik *asof dit goed en reg is*; en tweedens dat hy dit met ons almal se voorouers assosieer, sodat dit die nasie in verleentheid stel.

Die Bybelse prosakuns, byv., beskryf

talle slegte dinge: o.a. dat Dawid 'n man laat vermoor om sy vrou te kry; maar 'n profeet bestraf hom en God straf hom. Hy self berou sy sonde. Dieselfde grondbeginsel geld ook vir Heidense kunswerke. Dit geld vir die treuspele van Shakespeare en Vondel, vir die epos van Dante wat talle gruwele besing, en vir die groot romans van Dostojevski.

Die Bybel vertel ook hoe Petrus sy Here verloën; maar kort daarop kraai die haan. Judas verrai sy Heiland, en kenmerk hom self as die slegste mens van alle tye, maar selfs hy is sedelik-bewus genoeg om hom self te gaan ophang. So kraai die haan van die gewete in elke meesterwerk van elke taal.

Die res van die polemieë handel oor die Akademie, en oor hoe uitgediend my literêre begrippe sou wees, en hoe onbevange syne. Wel, die vrug van sy literêre begrippe is *Geknelde Land*, waarvan die klimaks, die ontknoping, die toneel is wat hierbo gesitêr is. The proof of the pudding is the eating of it.

Hy eis vryheid om mense te skep, soos hy wil. Dit hét hy, mits hy denkbeeldige wesens skep, maar nie as hy volksgeskiedenis en internasionale episodes soos die Groot Trek gebruik nie. God, die natuur en die geskiedenis het die Voortrekkers — óns voorouers — kláár geskep.

III. P. C. Coetzee nogeens:

Prof. J. P. Bruwer gee in die jongste uitgawe van *Tydskrif* op 'n enigszins heftige wyse te kenne dat ek hom 'n groot onreg aangedoen het. Ek het in my artikel „Aan die wieg van die Afrikanervolk" wat in Maart vanjaar verskyn het 'n verdraaide voorstelling gegee van gedagtes wat hy in Desember 1960 in *Die Huisgenoot* uitgespreek het. By alle bereidwilligheid om te aanvaar dat hy iets anders bedoel het as wat ek uit sy woorde verstaan het, en om selfs toe te gee dat ek sy standpunt ooreenvoelig het, wil ek tog volhou dat hy hom op 'n wyse uitgedruk het, wat tot so 'n misverstand aanleiding kon gee.

In sy verweer lê hy twee stellings neer:

(a) „Ek beskou myself as *niks minder en niks meer* as 'n 'wit inboorling' van Afrika nie." (Ek kursiveer)

(b) „Indien dr. Coetzee bedoel dat daar kultuurbande tussen ons en Wes-Europa lê, en dat ons toekoms met mekaar verweef is, wil ek hom die versekering gee dat ek dit nie ontken nie en ook nie ontken het nie."

Wat bedoel iemand as hy sê dat hy *niks minder* as 'n wit inboorling van Afrika is? Kan dit iets anders beteken as dat die betrokke persoon daarop aanspraak maak dat hy al die eenskappe besit wat inboorlinge van

Afrika besit, plus die eienskap van wit te wees wat by ander inboorlinge ontbreek? Is dit wat dr. Bruwer bedoel? Hy voeg daaraan toe dat hy niks *meer* as 'n wit inboorling is. Sou dit 'n verdraaiing van sy woorde wees as mens daaruit verstaan dat hy op geen verdere bykomstige eienskappe aanspraak maak nie? Hy is wit en hy is 'n inboorling van Afrika. Het hy homself daarmee opgesom?

Vir my gevoel is dit 'n baie kille en ontoereikende verklaring dat daar kultuurbande tussen ons en Wes-Europa lê en dat ons toekoms met die van Wes-Europa verweef is. Daar lê ook kultuurbande tussen ons en Indonesië. Ons toekoms is verweef nie net met Wes-Europa nie, maar ook met Rusland, China en Japan.

Nee! Ons wit Suid-Afrikaners *is* Wes-Europeërs. Ons is dit in ons voorstellingswêreld en in die konvensies waarin ons lewe. Ons het die bodem van Suid-Afrika sover dit in ons vermoë gelê het tot 'n Wes-Europese kultuurlandskap verwerk en ons gaan nog steeds hiermee voort. Daarom is ons meer as „inboorlinge.” Waar die woord inboorling gedurende die afgelope drie honderd jaar gebruik is in verband met die bevolkings van nuwe wêrelddele, is daar byna altyd gedink aan mense wat in 'n natuurlandskap woon sonder om daardie landskap noemenswaardig te verander. Ons kan onself inboorlinge noem, maar dan in 'n suiwer geografiese sin. Die woord word vandag selde met daardie betekenis gebruik, allermens in Suid-Afrika. En selfs indien ons dit in hierdie sin gebruik, dan is dit moeilik om te verklaar hoe enigeen kan beweer dat ons „niks meer as inboorlinge” is nie. Ons is veel meer: ons is burgers van 'n kultuurwêreld wat ons uit die wilde natuur van 'n deel van Afrika self geskep het. En daardie kultuurwêreld is een wat in

al sy wesenlike trekke Wes-Europees is. Dit is hierdie kultuurwêreld en ons identiteit as burgers daarvan wat ons teen die inboorlinge van Afrika en hulle bondgenote in die Buiteland wil beskerm en bestendig en verder uitbou in terme van die Wes-Europese tradisie.

Niemand het aan die hand gedoen dat ons die name Afrikaner en Suid-Afrikaner moet verwerp en ons in die toekoms net Wes-Europeërs moet noem nie. Hopelik sal dr. Bruwer daar geen beswaar teen hê nie dat ons wanneer ons ons Afrikaners noem daarby bewus mag wees dat 'n Afrikaner 'n Wes-Europeër is nie. Nie minder as wat 'n Fransman, 'n Duitser of 'n Italiaan 'n Wes-Europeër is nie.

Daar is een misverstand waarteen mens moet waak as jy sê: 'n Afrikaner is 'n Wes-Europeër. Dit beteken nie dat ons ons moet laat lei deur opvattinge wat deur moderne Engelse, Nederlandse, of Amerikaanse intellektueles gehuldig word nie of dat ons ons steeds moet aanpas by modes of gedragsvorme wat in daardie lande in swang is nie. Doen ons dit dan is ons geen werklike Wes-Europeërs nie maar bloot koloniste wat in Afrika as kulturele bannelinge lewe. As volk sal ons die trouste aan die duisende jaaroue Wes-Europese tradisie wees indien ons die kulturele erfenis as ons eie aanvaar en behandel asof dit ons eie is deur verder selfstandig daaraan te bou. Ons voorouers het daardie erfenis meegebring nie as goed om op te teer nie maar as onvoltooides onderneming wat in vryheid, ook geestelike vryheid, voortgesit moes word. Die kenmerkende van die Wes-Europese kultuur en die Wes-Europese mens is sy inherente dinamiek en sy vermoë om met behoud van 'n eenheid van idee, uiting te vind in 'n groot verskeidenheid van gewestelike gestaltes.

OOR BOEKE

Sophokles: ANTIGONE, vertaal deur J. P. J. van Rensburg, Human en Rousseau, 1961.

Die *Antigone* van Sophokles is deur Hegel as die volmaakte voorbeeld van 'n tragedie beskou. Almal mag vandag nie meer met Hegel se teorieë saamstem nie, maar dit is seker dat die *Antigone* een van die Griekse tragedies is wat 'n moderne leser die meeste ontroer.

In die verhaal van Antigone wat die verbod van Kreon, koning van Thebe, oortree en die lyk van haar rebelse broer begrawe, het Sophokles die botsing gesien tussen staatsbelang en dit wat die individu as reg beskou. 'n tema wat vandag nog net so aktueel is as in Sophokles se tyd. Dit is interessant om te sien hoe hy die verloop van die botsing teken. Hegel se opvatting was dat beide Antigone en Kreon gelyk het maar dat hulle albei te ver gaan en te eensydig is in die verdediging van hulle saak. Die balans moet herstel word en daarom moet albei boet. Daar is vandag nog geleerdes wat hierdie siening aanvaar, o.a. prof. Van Rensburg self, soos blyk uit sy *Oorsig van die Oud-Griekse Letterkunde* (bl. 70). Ek wil dit egter waag om van hierdie opvatting te verskil en te beweer dat Sophokles Antigone gelyk gee. Dit is waar dat Kreon baie simpatiek voorgestel word as 'n man wat eerlik oortuig is dat sy optrede reg is, maar hy is te geneig om sy eie prestige met dié van die staat te vereenselwig en alle teenstand teen sy persoon as opstand teen die staatsgesag te beskou. Daarom gee die gode later hul ontevredenheid te kenne en uiteindelik erken Kreon self dat hy 'n fout gemaak het.

Hier het ons nou 'n vertaling in Afrikaans van hierdie aangrypende tragedie. 'n vertaling wat by 'n onlangse opvoering in Stellenbosch sy opvoerbaarheid bewys het. Vir sommige mag dit 'n teleurstelling wees dat die vertaling in prosa is en nie in versvorm nie. Ek wil dadelik toegee dat in 'n prosa-vertaling baie van die digterlike krag van die oorspronklike verlore gaan. Maar in 'n versvertaling is daar altyd by die vertaler die neiging om sy eie gedagtes en beelde in die

plek van die oorspronklike te plaas, wat dikwels 'n verkeerde indruk van die oorspronklike gee. Daarom verkies ek eerder 'n vertaling in prosa wat 'n mens ten minste 'n indruk gee van wat verlore gegaan het. Prof. Van Rensburg se vertaling bly verbasend na aan die oorspronklike Grieks maar dit is deurgaans maklik leesbaar en verstaanbaar en in sommige van die koorliedere bereik dit groot hoogtes.

P. J. CONRADIE

André P. Brink: CAESAR. Nasionale Boekhandel Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg, 1961.

Die groot belangstelling wat ons tyd vir die wêreld van die Romeine het, het sy neerslag ook in die Afrikaanse letterkunde gevind. In die spore van Van Wyk Louw volg André Brink nou met *Caesar*. Hierdie versdrama behandel die laaste aantal maande van Julius Caesar se lewe wat hy in Rome deurgebring het na sy terugkeer van sy laaste veldtog in Spanje. Dit was 'n tyd van woeling en gisting wat van beslissende betekenis vir die toekoms van die Romeinse Ryk was, en dus 'n groot verskeidenheid van temas aan die dramaturg bied — die vraag of die Republiek moes voortbestaan en of dit deur 'n monargie vervang moes word, die probleem van die groot korrupsie in die heersende klas, die vraagstuk van die behandeling van die verowerde volke. Ook is daar 'n groot aantal beroemde persoonlikhede uit wie die dramaturg kan kies — Caesar, Cicero, Brutus, Cassius, Cleopatra.

In Brink se drama vind ons talle aanduidings dat hy die dramatiese moontlikhede van hierdie tydperk besef. As voorbeeld kan ek die volgende woorde van Caesar aanhaal wat werklik vergesigte voor 'n mens laat oopgaan. Hy probeer verduidelik wat Rome werklik is en sê:

„ . . . dis soos 'n gees, 'n god
wat swewe oor die waters;
dis edeler as menswees self
en iets wat vry bo alle grense
staan.”

Maar dit lyk my of Brink hom deur die rykdom van temas laat verlei het. In die loop van die drama vind ons 'n hele aantal motiewe wat elkeen op sig-

self genoeg sou wees om die drama te dra, maar nie een van hulle word deeglik uitgewerk nie. Die meeste van hulle word net terloops aangeraak en dan weer vir 'n ander interessante gedagte versaak. Selfs die motief waarop die meeste klem gelê word — Caesar se onvermoë om sy strewende na al hoe groter mag te laat vaar ten spyte van sy moegheid en verlange na rus — is nie sterk genoeg om die dramatiese gang te bepaal nie. Ons voel nie dat alle gebeurtenisse onvermydelik op een punt afstuur nie, en aanvaar die moord op Caesar meer omdat dit 'n historiese gegewe is as omdat dit die noodwendige afloop van die drama is.

'n Soortgelyke beswaar geld ook die karaktertekening. Brink laat 'n groot aantal karakters optree, selfs Cicero wat in hierdie tyd glad nie so 'n belangrike rol gespeel het nie, en Servilia, 'n vroeëre minnares van Caesar. Maar juis hierdeur is geeneen van die karakters werklik duidelik geteken nie en van baie min van hulle is dit heeltemal duidelik watter doel hulle nastrewe. Calpurnia sê heel tereg van haarself dat sy miskien self nie weet wat sy wil hê nie. Haar skielike besluit om die samesweerders teen Caesar te help en haar poging daarna om haar man tog te red, is geeneen van beide oortuigend gemotiveer nie. Cleopatra spoor eers vir Caesar aan om al hoe meer mag te gryp en daarna probeer sy hom verhinder om na Persië te gaan. En by Brutus en Cassius is 'n mens nie seker of die hoofklem moet val op hul strewende om die Republiek te red of op hul kleinlike, persoonlike motiewe nie. Selfs 'n toneel wat so ryk is aan dramatiese moontlikhede soos die ontmoeting van Caesar se vrou, sy minnares en sy vroeëre geliefde, verloop maar taamlik tam.

Kortom, dis 'n drama ryk aan moontlikhede wat, helaas, nie verwezenlik is nie.

P. J. CONRADIE

Kotzé, Bessie: DIE KLEINSPAN OP DIE PLANKE, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg — Kaapstad (geen datum en prys aangegee nie).

Daar bestaan weinig goeie dramas-virkinders in Afrikaans, omdat dié genre

net nog nie genoeg aandag van die kant van skrywers en uitgewers gekry het nie. Moontlik kan die huidige bloeitydperk op die gebied van Afrikaanse kinderlektuur iets in hierdie opsig stig. Goeie kinderdramas wat met sorg op skool opgevoer word, kan miskien 'n einde bring aan daardie vervelige „skoolkonserter” waarheen onwillige ouers so dikwels geseep word.

Iets wat dadelik opval in *Die Klein-span op die Planke* is die besonder nougesette aanwysings by die opvoer van die drie stukke in die bundel, nl. *Fyn en Piekfyn, In Hasie-Land, Die Stout Klein Duergie*. Die décorbeskrywing, kostuumbeskrywing, aanduiding i.v.m. die beligting en selfs die handeling is met veel moeite vir skoolgebruik verhoog, maar toneelaanwysings alléén is nog geen rede vir die aanprysing van 'n drama vir kinders nie.

Hierdie genre verdien meer aandag, nie alleen op pedagogiese gebied nie, maar ook op literêre vlak, en by 'n poging om die pedodramatiese gehalte van hierdie stukke te bepaal, is die eerste indruk alreeds dat ons met 'n sorgsame, ernstige poging te doen het.

Bessie Kotzé het plek-plek daarin geslaag om die kinderfantasie, die vermenging van realiteit en nie-werklikheid, in haar stukke te skep. Aldrie die stukke is geskikte kinderlektuur om vermelde rede, en dit moet as vername toesien dien, maar ten opsigte van die *bouwerk*, moet weer aandag aan die uitbeelding van 'n situasie (wat vir kinders dramaties sal wees) gegee word. By die jong kind weeg die dramatiese gebeurte uiteraard swaarder as die dialoog, omdat die kind nog nie ten volle kanervaar wat hy hoor nie, eerder wat hy sien. Dit is noodsaaklik dat elke toneel 'n duidelike „storie-in-die-handeling” moet toon, ten einde die geringe aandag van 'n kindergehoor te kan boei. In die stuk *vir heel kleintjies* word daar bv. verwys na gebeurte wat nie op die verhoog die dialoog vergesel nie, t.w. die vertelling van hond en boer — 'n ingelaste situasie wat nie-dramaties, dog vaag en vervelend vir die kindergehoor sal wees.

Paslik in die raamwerk van die kinderfantasie is ook die skryfster se goeie keuse van „karakters.” Aldrie die stukke getuig van insig in die

wese van hierdie soort lektuur; die hasies van *In Hasie-land* herinner aan Beatrix Potter se hasie-stories met hulle fyn geestigheid. Ook die dwergies, die heks en die diere is met talentvolheid uitgebeeld.

In sommige gevalle moes die skryfster haar egter meer spesifiek tot bepaalde ouderdomsgroepe gerig het, om te voorkom dat elemente wat by verskillende ouderdomsgroepe tuis hoort, nie verwar word nie. Die sedelesie in *Die Stout Klein Dwergie* pas bv. beter by kinders wat heelwat ouer is as dié vir wie die stuk bedoel is. Dielesie in didaktiek moet onopsigtelik met die hele verhaal geïntegreer wees, en nie los aangedik word nie. Dit geld ook vir abstrakte begrippe soos haat, liefde, jaloesie e.d.m.

In die stuk *Fyn en Piekfyn* het die skryfster juis daarin geslaag om op die kenmerke van deug en ondeug te wys; gepleegde onreg word vergeld en meegevoel vir 'n lydende word betoon. Die verbeeldingsveld wat hiervoor aangewend word, is dwergies, 'n heks, toordery, 'n paar diere, vlinders e.a. Jammer dat die pa en dogtertjie nie bymekaar op die verhoog in die slottoneel uitkom nie; dit sou die kindergehoor 'n groter emosionele bevrediging gegee het as die bestaande slot.

Hierdie skryfster kan m.i. veel sukses met dié genre behaal as sy die korrelasie tussen ouderdomspeil, belangstellingsveld en denkvermoë in gedagte hou, en as sy meer aandag gee aan die uitbeelding van die dramatiese situasies binne die verhaaltrant, en in elke geval 'n besliste slot laat afspel wat uit die hele tema uitgroei en daarmee geïntegreerd is.

C. W. HUDSON

LEES NOG . . .

'n Verbydende kentering in die herwaardering van ouer kunstenaars se werk tref ons aan om T. T. Cloete: *Die wêreld is ons woning nie* (Tafelberg-Uitgewers), wat ons 'n nuwe kyk gee op die poësie van Totius. Herwaardering en 'n soek na nuwe maatstawwe vind ons ook in N. P. van Wyk Louw: *Vernuwing in die prosa* (Human en Rousseau), waarin die skrywer in 'n taamlik los verband die dubbele maatstaf van konsepsie en

sêgoed toepas. Prikkelende gedagtes oor wat ons lees in Afrikaans, waarom ons dit lees en hoe ons dit lees, vind ons by P. C. Coetzee: *Lektuur en kultuur — algemeen leeskundige aantekeninge oor lees in Suid-Afrika* (Staatsbiblioteek) — met skokkende ontnugterings vir lesers en skrywers.

Op die gebied van die skeppende val op die biografiese *Die dagboek van Johannes Meintjies I* (1941-47; Bamboesberg-uitgewers), en die reisverhaal van Ernst van Heerden: *Etikette op my koffer* (Human en Rousseau). Van Johan Schutte het verskyn: *Die Duploos van Soetmelksrlei* deel 2 (Tafelberg-Uitgewers), waarin nog steeds die stryd tussen die gesproke en die geskrewe woord vorendag tree. Van G. G. S. de Villiers het twee nuwe bundels Overbergse vertellings verskyn, folkloristies van aard in 'n aangename verteltrant: *Donkiespad* (Afrikaanse Persboekhandel), *Overbergse Eergister* (Human en Rousseau). Volkskundig van aard is ook die bundel leuen-geskiedenis van D. du Preez: *Renier de Winnaar — Baasverteller* (Afrikaanse Persboekhandel).

Op die gebied van vertalings sal Afrikaanse lesers veel vreugde put uit G. S. Wegener: *In die begin was die Woord*, die geskiedenis van die Bybel oor 'n tydperk van sesduisend jaar, keurig uit Duits vertaal deur F. C. Fensham (Human en Rousseau); asook Jan de Hartog: *Stuurman van die Furie (Hollands glorie)*, vertaal deur Frans van Zyl; Tafelberg-Uitgewers). Verder: Friedrich Dürrenmatt: *Teenspoed* (Bartho Smit; Human en Rousseau), en Wilhelm Raabe: *Die swart galei* (M. Rode; Human en Rousseau).

Vir die jonger lesers is daar heelwat; Minnie Postma: *Onder een kombers* (Human en Rousseau); Topsy Smith: *Tant Katrien kom kuier* (Afrikaanse Persboekhandel); Lauritz Strydom: *Die gebeim van die tas* (Afrikaanse Persboekhandel); André Blom: *Skrik van die Oseaan* (Afrikaanse Persboekhandel). En, les, bes, 'n hele aantal nuwe bundels Kadette en Klein-Kadette van Tafelberg-Uitgewers: Peter Freuchen: *Die walvisjagterij* (Amerikaans, Klein-Kadet); M. A. Baudouy: *Mankvoet van die votskopies* (Frans, Klein-Kadet); Lisa-Marie

Blum: *Die Mallemeule* (Duits, Klein-Kadet); H. Weiss-Sonnenberg: *Die erfgenaam van Wang* (Duits, Kadet). Vir die heel jongstes is daar die veelkleurige *Die drie rowers* van P. J. Cillie en Tomi Ungerer (Tafelberg-Uitgewers).

Vir gespesialiseerde lesers is daar

van die bekende Nederlandse uitgewer Tjeenk Willink, Zwolle, die volgende: prof. dr. L. C. Michels: *Filogiese opstellen*, deel III, *Stoffen uit Vondels werken* (Zwolsse reeks no. 10); Hade-wijch: *Strofiese gedichten* (Inl. deur prof. dr. P. Minderaa, Nedl. Klassieken no. 12).

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

*Hoofbestuursvergadering, Bloemfontein, Saterdag,
14 Oktober 1961*

Aanwesig: Amptelik — Prof. Abel Coetzee (Voorsitter), Dr. J. Kromhout (Penningmeester), Dr. P. D. Swart (Sekretaris); Prof. P. C. Coetzee en Dr. H. J. Terblanche (Pretoria); Prof. F. V. Lategan (Stellenbosch); Prof. G. Beukes, en Mev. B. Viljoen (Bloemfontein); Mnr. J. A. de Coning (Heidelberg, Tvl.).

1. *Notule:* Vyfjaarlikse Prys van die Afrikaanse Skrywerskring: Briefwisseling met Peter Blum word afgehandel.

2. *Ampsdraers:* Professor Abel Coetzee word herkies tot voorsitter. (Die Hoofbestuur besluit: Waar dit moontlik is, is dit nie wenslik dat die nasionale voorsitter ook voorsitter van sy werkgemeenskap moet wees nie.)

3. *Jugpenning-Ben Conradie:* Mnr. Conradie versoek dat nie voortgegaan moet word met sy voorgestelde penning nie; hy word deur die Hoofbestuur bedank vir sy opregte belangstelling.

4. *Erelidmaatskap M.E.R.:* Professor F. Lategan word versoek om ondersoek in te stel na die toekenning hiervan.

5. *Beskermer:* Die Hoofbestuur besluit om Staatspresident C. R. Swart, in sy hoedanigheid as skrywer, te versoek om vir die duur van sy lewe beskermer te word van die Afrikaanse Skrywerskring.

6. *Stigting ter bevordering van die S.A. Publikasies.* Professor P. Coetzee word versoek om 'n beknopte uiteensetting op te stel vir verspreiding aan alle werkgemeenskappe.

7. *Geldelike verslag.* Dit blyk dat ongeveer die helfte van die jaargelde van lede nog nie betaal is nie. Die Dagbestuur word versoek om aandag te gee aan hierdie saak. Inmiddels word besluit dat lidmaatskap verval wanneer 'n lid 'n volle jaar agterstallig is, en dat die Tydskrif slegs verstrekkend word aan lede wat aan die einde van die voorafgaande jaar hulle verpligtinge nagekom het. Slegs lede wat hulle verpligtinge nakom, sal beskou

word as lede van die Internasionale PEN.

8. *Werkgemeenskappe.* Werkgemeenskap Bloemfontein is herstig met ongeveer 20 lede; Potchefstroom is tydelik ontwrig, asook Bellville-Durbanville; Stellenbosch sal ondersoek instel na die moontlikhede in Kaapstad en Bellville-Durbanville.

9. *Nuwe lede.* Bellville-Durbanville: Mev. F. Fourie, Mnr. J. Scancell, A. Beukes, P. Muller, proff. W. de Kock, L. Stopforth; Johannesburg: Mnr. M. O. H. Preller; Pretoria: Mnr. V. van der Westhuizen; Stellenbosch: Mnr. Jan Bouws, Bun Booyens, J. E. M. Verwey, Dr. Lettie Pretorius, Dr. Marius Swart; Heidelberg: Mev. C. Louw en S. Meiring (na Pretoria), mnr. J. A. de Coning, A. G. le Roux, O. Hartmann, U. Gertryts, Dr. C. J. Claassen (na Pretoria), Dr. B. R. Buys; Buitelid: Mev. E. Meiring.

10. *Erelede.* Erelidmaatskap word aangebied aan Leon Maré, professor M. S. B. Kritzing, professor Con de Villiers; die aanbieding geskied in die betrokke werkgemeenskappe. Sertifikate van erelidmaatskap sal deur die Hoofbestuur uitgereik word.

11. *Kapitaalfonds.* Die Hoofbestuur besluit om 'n kapitaalfonds in die lewe te roep; die mikpunt is R25,000. Die Dagbestuur word versoek om die nodige reëlings te tref en aan die werkgemeenskappe voor te lê.

12. *Poësie, ens.* Die Dagbestuur word versoek om die gedagte in groter besonderhede uit te werk en voor te lê. Mnr. J. A. de Coning word versoek om 'n uiteensetting van die Junior Skrywerskring beskikbaar te stel vir al die werkgemeenskappe.

13. *Pryse en bekronings.* Die Uitgewersvereniging beskik nie oor fondse om 'n jaarprys toe te ken nie.

14. *Jaarvergadering, 1962.* Die volgende vergadering van die Hoofbestuur vind in die Noorde plaas, by voorkeur gedurende die eerste helfte van die jaar.

Elata-Handelsdrukkery (Edms.) Bpk., Johannesburg.

ALMAL afhanklik van Versekering!



DIE SKOOLSEUN—vir 'n opvoeding wat nie onderbreek sal hoef te word nie.



DIE STUDENT—vir 'n beveiligde loopbaan. Sy studiegeld word gedek deur die polis wat in sy jeug al uitgeneem is.



DIE EGPAAR—vir die geldelike beveiliging van die gesinnetjie en die eiendom wat hulle met soveel sorg en opoffering opbou.



DIE WEDUWEE—vir 'n leeftog vir haarself en haar kinders, wat sy bymekaar kan hou en onder haar sorg kan opvoed.



DIE BEJAARDE—vir die onbekommerde ou-dag wat hy nou kan geniet, danksy die polis wat hy nog as jongman uitgeneem het.

Vir ELKEEN is daar 'n SANLAM-Polis!

SANLAM

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE
LEWENSASSURANSIE-MAATSKAPPY**